

JAARBOEK 2004

Fakulteit Ingenieurswese

DEKAAN:

Prof. J.I.J. Fick

**Potchefstroomse Universiteit
vir Christelike Hoër Onderwys**

<http://www.puk.ac.za/engineering/index.html>



Fakulteit Ingenieurswese
Hier studeer entrepreneur-ingenieurs

BELANGRIKE KENNISGEWING

Die *Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys* en die *University of North West* is bedoel om op 'n datum wat nog afgekondig moet word, in 2004 ingevolge artikel 23 van die *Wet op Hoër Onderwys*, Wet 101 van 1997, soos gewysig, saam te smelt om 'n enkele, nuwe universiteit te vorm. Die *Vista Universiteit (Sebokeng)* moet ook dan ooreenkomstig artikel 24 van die Wet by die nuwe universiteit ingelyf word.

Ingevolge artikel 23(2H)(i) van die Wet, gaan die nuwe universiteit wat deur die samesmelting sal ontstaan, voort met alle akademiese programme wat deur die ou universiteite aangebied is, kragtens die reëls wat onmiddellik voor die samesmelting vir die onderskeie ou universiteite gegeld het, tot tyd en wyl daardie programme en reëls deur die raad van die nuwe universiteit verander word.

Verder ken die nuwe universiteit wat uit die samesmelting sal ontstaan, ooreenkomstig artikel 23(2H)(ii) van die Wet in sy eie naam 'n graad, diploma of sertifikaat toe aan 'n student wat voor of na die samesmelting daarvoor kwalifiseer, maar sodanige graad, diploma of sertifikaat moet ook die naam weerspieël van die universiteit waar die student onmiddellik voor die samesmelting geregistreer was.

In die lig van die bogenoemde wetlike agtergrond, bevat hierdie jaarboek die toepaslike algemene en besondere akademiese reëls van die PU vir CHO vir die kwalifikasies hierin vervat, vir 2004.

IMPORTANT NOTICE

In 2004 the *Potchefstroom University for Christian Higher Education* and the *University of the North West* are supposed, in terms of section 23 of the *Higher Education Act*, Act 101 of 1997, as amended (the Act), on a date that is still to be announced, to merge in order to form a single new university. The *Vista University (Sebokeng)* must then also be incorporated into the new university in terms of section 24 of the Act.

In terms of Section 23(2H)(i) of the Act the new university that will be established by the merger will continue with all academic programmes offered by the old universities, in terms of the rules that applied immediately before the merger for the respective old universities, until such time as those programmes and rules are changed by the council of the new university.

Furthermore, the new university that will be established by the merger, in terms of Section 23(2H)(ii) of the Act, will in its own name confer a degree, diploma or certificate to a student qualifying for it before or after the merger, but such degree, diploma or certificate also has to reflect the name of university where the student had been registered immediately before the merger.

In the light of the above legal background, this calendar contains the relevant general and specific academic rules of the PU for CHE for 2004 in respect of the qualifications herein contained.

This Calender is published in Afrikaans because Afrikaans is the medium of instruction at the University. Correspondence however, may be conducted in either Afrikaans or English.

Rig alle korrespondensie aan

Die Registrateur
PU vir CHO
Privaatsak X6001
POTCHEFSTROOM
2520

Telegrafiese adres: PUK, Potchefstroom
Telefoon: (018) 299-1111/2222
Faks: (018) 299-2799

Tuisblad: <http://www.puk.ac.za>

U UNIVERSITEITSNOMMER MOET ASSEBLIEF IN ALLE KORRESPONDENSIE VERMELD WORD.

Die A-Reëls van die Universiteit, waaraan alle leerders hulle moet onderwerp en wat op al die kwalifikasies wat die Universiteit aanbied van toepassing is, verskyn in 'n afsonderlike bundel.

Let wel: Ofskoon die inligting wat in hierdie jaarboek opgeneem is so noukeurig moontlik saamgestel is, aanvaar die Raad en die Senaat van die Universiteit hoegenaamd geen aanspreeklikheid vir onjuisthede wat hierin mag voorkom nie. In die besonder bly dit elke leerder se verantwoordelikheid om hom/haar deeglik te vergewis van die klasrooster en moontlike roosterbotsings. Indien daar 'n roosterbotsing voorkom in 'n module(s) (veral wat oor twee jaargroepe voorkom) wat 'n leerder wil kies, is die kursus(se) nie beskikbaar om gekies te word nie. Dergelike gevalle moet asseblief dringend onder die administratiewe bestuurder van die fakulteit Ingenieurswese se aandag gebring word.

JAARBOEK 2004

Fakulteit Ingenieurswese

DEKAAN:

Prof. J.I.J. Fick

**Potchefstroomse Universiteit
vir Christelike Hoër Onderwys**

<http://www.puk.ac.za/engineering/index.html>



Fakulteit Ingenieurswese
Hier studeer entrepreneur-ingenieurs

BELANGRIKE KENNISGEWING

Die *Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys* en die *University of North West* is bedoel om op 'n datum wat nog afgekondig moet word, in 2004 ingevolge artikel 23 van die *Wet op Hoër Onderwys*, Wet 101 van 1997, soos gewysig, saam te smelt om 'n enkele, nuwe universiteit te vorm. Die *Vista Universiteit (Sebokeng)* moet ook dan ooreenkomstig artikel 24 van die Wet by die nuwe universiteit ingelyf word.

Ingevolge artikel 23(2H)(i) van die Wet, gaan die nuwe universiteit wat deur die samesmelting sal ontstaan, voort met alle akademiese programme wat deur die ou universiteite aangebied is, kragtens die reëls wat onmiddellik voor die samesmelting vir die onderskeie ou universiteite gegeld het, tot tyd en wyl daardie programme en reëls deur die raad van die nuwe universiteit verander word.

Verder ken die nuwe universiteit wat uit die samesmelting sal ontstaan, ooreenkomstig artikel 23(2H)(ii) van die Wet in sy eie naam 'n graad, diploma of sertifikaat toe aan 'n student wat voor of na die samesmelting daarvoor kwalifiseer, maar sodanige graad, diploma of sertifikaat moet ook die naam weerspieël van die universiteit waar die student onmiddellik voor die samesmelting geregistreer was.

In die lig van die bogenoemde wetlike agtergrond, bevat hierdie jaarboek die toepaslike algemene en besondere akademiese reëls van die PU vir CHO vir die kwalifikasies hierin vervat, vir 2004.

IMPORTANT NOTICE

In 2004 the *Potchefstroom University for Christian Higher Education* and the *University of the North West* are supposed, in terms of section 23 of the *Higher Education Act*, Act 101 of 1997, as amended (the Act), on a date that is still to be announced, to merge in order to form a single new university. The *Vista University (Sebokeng)* must then also be incorporated into the new university in terms of section 24 of the Act.

In terms of Section 23(2H)(i) of the Act the new university that will be established by the merger will continue with all academic programmes offered by the old universities, in terms of the rules that applied immediately before the merger for the respective old universities, until such time as those programmes and rules are changed by the council of the new university.

Furthermore, the new university that will be established by the merger, in terms of Section 23(2H)(ii) of the Act, will in its own name confer a degree, diploma or certificate to a student qualifying for it before or after the merger, but such degree, diploma or certificate also has to reflect the name of university where the student had been registered immediately before the merger.

In the light of the above legal background, this calendar contains the relevant general and specific academic rules of the PU for CHE for 2004 in respect of the qualifications herein contained.

This Calender is published in Afrikaans because Afrikaans is the medium of instruction at the University. Correspondence however, may be conducted in either Afrikaans or English.

Rig alle korrespondensie aan

Die Registrateur
PU vir CHO
Privaatsak X6001
POTCHEFSTROOM
2520

Telegrafiese adres: PUK, Potchefstroom
Telefoon: (018) 299-1111/2222
Faks: (018) 299-2799

Tuisblad: <http://www.puk.ac.za>

U UNIVERSITEITSNOMMER MOET ASSEBLIEF IN ALLE KORRESPONDENSIE VERMELD WORD.

Die A-Reëls van die Universiteit, waaraan alle leerders hulle moet onderwerp en wat op al die kwalifikasies wat die Universiteit aanbied van toepassing is, verskyn in 'n afsonderlike bundel.

Let wel: Ofskoon die inligting wat in hierdie jaarboek opgeneem is so noukeurig moontlik saamgestel is, aanvaar die Raad en die Senaat van die Universiteit hoegenaamd geen aanspreeklikheid vir onjuisthede wat hierin mag voorkom nie. In die besonder bly dit elke leerder se verantwoordelikheid om hom/haar deeglik te vergewis van die klasrooster en moontlike roosterbotsings. Indien daar 'n roosterbotsing voorkom in 'n module(s) (veral wat oor twee jaargroepe voorkom) wat 'n leerder wil kies, is die kursus(se) nie beskikbaar om gekies te word nie. Dergelike gevalle moet asseblief dringend onder die administratiewe bestuurder van die fakulteit Ingenieurswese se aandag gebring word.

Inhoudsopgawe

AMPSDRAERS.....	i
DIREKTEUR PROFESSIONELE DIENSTE	i
FAKULTEITSRAAD.....	iii
I.1	REËLS: FAKULTEIT INGENIEURSWESE 1
I.1.1	ALGEMEEN..... 1
I.1.6	KWALIFIKASIES, PROGRAMME EN KURRIKULUMS..... 3
I.1.6.1	Grade 4
I.1.7	MODULES EN KREDIETE..... 5
I.1.8	VERHOUDING TUSSEN KREDIETPUNTE, ONDERRIGPERIODES EN EKSAMENVRAESTELLE 6
I.1.9	ERKENNING VAN VORIGE LEER..... 6
I.1.10	REGISTRASIE 7
I.1.11	EKSAMINERING (SLEGS VIR EERSTE B.-GRADE.) 7
I.1.12	VORDERING IN 'N PROGRAM GEBASEER OP VERONDER- STELDE LEER..... 8
I.1.13	TERMINERING VAN STUDIE 9
I.2	REËLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS IN INGENIEURSWESE..... 10
I.2.1	MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR 10
I.2.2	TOELATINGSVEREISTES..... 10
I.2.3	SAMESTELLING VAN KURRIKULUM 12
I.3	SKOOL VIR CHEMIESE EN MINERAAL- INGENIEURSWESE..... 16
I.3.2	PROGRAMREËLS..... 18
I.3.3	KURRIKULUMS..... 18
I.3.3.1	Kurrikulum I 101P: Chemiese Ingenieurswese..... 18
I.3.3.2	Kurrikulum I 102P: Chemiese Ingenieurswese met spesialisering in Mineraalprosessering 20
I.4	SKOOL VIR ELEKTRIESE EN ELEKTRONIESE INGENIEURSWESE..... 23
I.4.1	LYS VAN PROGRAMMODULES: ELEKTRIESE, ELEKTRONIESE EN REKENAARINGENIEURSWESE 23
I.4.2	PROGRAMREËLS..... 25

I.4.3	KURRIKULUMS.....	25
I.4.3.1	Kurrikulum I 201P: Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese	25
I.4.3.2	Kurrikulum I 202P: Rekenaar en Elektroniese Ingenieurswese	27
I.5	SKOOL VIR MEGANIESE EN MATERIAAL- INGENIEURSWESE.....	30
I.5.2	PROGRAMREËLS.....	32
I.5.3	KURRIKULUMS.....	32
I.6	REËLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS SCIENTIAE EN HONNEURS B.Sc. IN INGENIEURSWETENSAPPE.....	36
I.6.1	MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR	36
I.6.2	ERKENNING VAN VORIGE LEER.....	36
I.6.3	EKSAMINERING.....	37
I.6.5	PROGRAMREËLS.....	40
I.6.6.6	Kurrikulums	42
I.6.6.6.1	Kurrikulum I 401P: B.Sc. INGENIEURSWETENSAPPE	42
I.6.6.6.2	Kurrikulum I 601P: B.Sc. HONS. INGENIEURSWETENSAPPE	43
I.6.6.6.3	Kurrikulum I 402P: B.Sc. INGENIEURSWETENSAPPE	44
I.6.6.6.4	Kurrikulum I 602P: B.Sc. HONS. INGENIEURSWETENSAPPE	45
I.6.6.6.5	Kurrikulums I 403P: B.Sc. INGENIEURSWETENSAPPE	45
I.6.6.6.6	Kurrikulum I 603P: B.Sc. HONS. INGENIEURSWETENSAPPE	47
I.6.6.6.7	Kurrikulums I 404P: B.Sc. INGENIEURSWETENSAPPE	47
I.6.6.6.8	Kurrikulum I 606P: B.Sc. HONS. INGENIEURSWETENSAPPE	48
I.7	REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER IN INGENIEURSWESE.....	50
I.7.2	DUUR VAN DIE STUDIE.....	50
I.7.4	TOELATING EN REGISTRASIE.....	51
I.7.9	PROGRAMME IN DIE FOKUSAREA ENERGIESTELSELS.....	53
I.7.10	KURRIKULUMS: M.ING.....	55
I.7.10.1.1	Kurrikulum I 871P: Chemiese Ingenieurswese (a).....	56
I.7.10.1.2	Kurrikulum I 872P: Chemiese Ingenieurswese (b).....	56
I.7.10.1.3	Kurrikulum I 873P: Chemiese Ingenieurswese (c).....	57
I.7.10.1.4	Kurrikulum I 874P: Elektriese Ingenieurswese (a).....	57

I.7.10.1.5	Kurrikulum I 875P: Elektriese Ingenieurswese (b).....	57
I.7.10.1.6	Kurrikulum I 876P: Elektriese Ingenieurswese (c).....	58
I.7.10.1.7	Kurrikulum I 877P: Elektroniese Ingenieurswese (a).....	59
I.7.10.1.8	Kurrikulum I 878P: Elektroniese Ingenieurswese (b).....	59
I.7.10.1.9	Kurrikulum I 879P: Elektroniese Ingenieurswese (c).....	59
I.7.10.1.10	Kurrikulum I 883P: Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese (a).....	60
I.7.10.1.11	Kurrikulum I 884P: Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese (b).....	60
I.7.10.1.12	Kurrikulum I 885P: Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese (c).....	61
I.7.10.1.13	Kurrikulum I 886P: Rekenaar- en Elektroniese Ingenieurswese (a).....	62
I.7.10.1.14	Kurrikulum I 887P: Rekenaar- en Elektroniese Ingenieurswese (b).....	62
I.7.10.1.15	Kurrikulum I 888P: Rekenaar- en Elektroniese Ingenieurswese (c).....	62
I.7.10.1.16	Kurrikulum I 880P: Meganiese Ingenieurswese (a).....	63
I.7.10.1.17	Kurrikulum I 881P: Meganiese Ingenieurswese (b).....	63
I.7.10.1.18	Kurrikulum I 882P: Meganiese Ingenieurswese (c).....	64
I.8	REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER SCIENTIAE	65
I.8.2	DUUR VAN DIE STUDIE.....	65
I.8.4	TOELATING EN REGISTRASIE.....	66
I.8.9	KURRIKULUMS: M.SC. IN INGENIEURSWETENSKAPPE	70
I.8.9.2	M.Sc. in Ingenieurswetenskappe, rigting Chemiese Ingenieurswese	71
I.8.9.3	M.Sc. in Ingenieurswetenskappe, rigting Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese	72
I.8.9.4	M.Sc. in Ingenieurswetenskappe, rigting Rekenaar- en Elektroniese Ingenieurswese	74
I.8.9.5	M.Sc. in Ingenieurswetenskappe, rigting Meganiese Ingenieurswese	75
I.9	REËLS VIR DIE GRAAD PHILOSOPHIA DOCTOR.....	78
I.9.2	DUUR VAN DIE STUDIE.....	78
I.9.4	TOELATING EN REGISTRASIE.....	79
I.9.8	PROGRAMME : PH.D. IN INGENIEURSWESE	81
I.9.8.1.1	Kurrikulum I 901P: Chemiese Ingenieurswese.....	81
I.9.8.1.2	Kurrikulum I 902P: Elektriese Ingenieurswese	81
I.9.8.1.3	Kurrikulum I 903P: Elektroniese Ingenieurswese	81
I.9.8.1.4	Kurrikulum I 905P: Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese	81
I.9.8.1.5	Kurrikulum I 906P: Rekenaar en Elektroniese Ingenieurswese	82
I.9.8.1.6	Kurrikulum I 904P: Meganiese Ingenieurswese	82

I.9.8.1.7	Kurrikulum I 907P: Ingenieurswetenskappe	82
I.10	ANDER REGULASIES	83
I.10.1	ONDERSTEUNINGSPROGRAM VIR INGENIEURSTUDENTE (OPIPUK)	83
I.10.2	BEPALING OOR TAALVAARDIGHEID	83
I.10.3	TOEKENNING VAN GRAAD MET LOF	83
I.10.4	TOERUSTING	83
I.10.5	NETWERKDIENTE	84
I.10.6	GEBRUIK VAN SAKREKENAARS TYDENS EKSAMENS.....	84
I.11	TELEMATIESE AANBIEDING VAN EERSTEJAAR B.ING.	85
I.11.1	INLEIDING	85
I.11.2	TOELATINGSVEREISTES VIR INGENIEURSWESE MODULES	85
I.11.2.1	Vornemende leerders sonder naskoolse opleiding.....	85
I.11.2.2	Leerders wat nie aan voorwaardes onder 11.2.1 voldoen nie	86
I.11.2.3	Kurrikulums en kodes vir TLS-registrasie.....	86
I.11.3	KURRIKULUMS	87
I.11.4	ALGEMENE INLIGTING	89
I.11.5	UNISA-MODULES EN PU VIR CHO VOLTYDSE MODULES.....	90
I.12	FIRST-YEAR ENGINEERING STUDIES VIA TELEMATIC LEARNING	92
I.12.2	ENTRANCE REQUIREMENTS FOR ENGINEERING COURSES.....	92
I.12.3	CURRICULA (FIRST YEAR TLS PROGRAM)	94
I.12.4	GENERAL INFORMATION	97
I.12.5	UNISA MODULES AND PU FOR CHE FULL TIME MODULE CODES	97
I.13	MODULE UITKOMSTES : VOORGRAADS.....	99
I.14	NAGRAADSE MODULE UITKOMSTE	142

AMPSDRAERS

DEKAAN

Prof. J.I.J. Fick, Pr.Ing., M.Sc.Ing. (Met.), (Pret.), Ph.D. (Cranfield Univ.).

DIREKTEUR PROFESSIONELE DIENSTE

Prof. A.J. Hoffman, B.Sc.(Hons.) (UOVS), Ph.D.(Pret.), MBA(Pret.) .

ADMINISTRATIEWE BESTUURDER

Mev. M.C.J.Potgieter, B.A. (Kommunikasiekunde) (PU vir CHO), B.Bibl.Hons. (PU vir CHO).

SKOOLDIREKTEURE EN BESTUURDERS: FAKULTEIT INGENIEURSWESE

Skool vir Chemiese en Mineraalingenieurswese

Prof. F.B. Waanders, Pr.Ing., Pr.Sc.Nat., Ph.D. (PU vir CHO).

Skool vir Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese

Prof. A.S.J. Helberg, Pr.Ing., D.Ing. (RAU).

Skool vir Meganiese en Materiaalingenieurswese

Prof. C.G.dK.du Toit, Pr.Ing., Ph.D. (Cantab), M.Ing. (Siviël) (Stell.).

Sentrum vir Navorsing en Kommersialisering

Bestuurder: Prof. E.H. Mathews, Pr.Ing., Ph.D. (U.S.).

OPIPUK Ondersteuningsprogram

Bestuurder: Mnr. P.W. Jordaan, Pr.Ing., B.Sc., B.Ing. (Lugvaart)(Stell.), DTO (PU vir CHO), M.Ing. (PU vir CHO).

NAVORSINGSDIREKTEURE

Chemiese Skeidingswetenskappe en Tegnologie

Prof. O.S.L. Bruinsma, Ph.D. (Universiteit van Amsterdam).

Energiestelsels

Prof. P.G. Rousseau, Pr.Ing., Ph.D.(Pret.).

SKOOLDIREKTEURE: FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE

Skool vir Chemie en Biochemie

Prof. J.J. Pienaar, HOD, D.Sc. (PU vir CHO).

Skool vir Fisika

Prof. M.S. Potgieter, Pr.Sc.Nat., D.Sc. (PU vir CHO).

Skool vir Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe

Prof. J.H. Fourie, D.Sc. (PU vir CHO).

VAKVOORSITTERS: FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE

Biochemie

Prof. L.J. Mienie, Ph.D. (PU vir CHO).

Chemie

Prof. E.L.J. Breet, Pr.Sc.Nat., D.Sc. (PU vir CHO).

Fisika

Prof. M.S. Potgieter, Pr.Sc.Nat., D.Sc. (PU vir CHO).

Geologie

Dr. M.S. Coetzee, Pr.Sc.Nat., M.Sc. (PU vir CHO), Ph. D. (UVS).

Rekenaarwetenskap en Inligtingstelsels

Mev. M.C. du Plessis, THOD (POK), M.Sc. (PU vir CHO).

Statistiek en Operasionele Navorsing

Prof. C.J. Swanepoel M.Sc. (PU vir CHO), TOD (POK), Ph.D. (Wits).

Wiskunde en Toegepaste Wiskunde

Prof. J. Spoelstra, D.Sc. (PU vir CHO).

FAKULTEITSRAAD

VOORSITTER: Prof. J.I.J. Fick

De Klerk, J.H. (Prof.) (Wiskunde)

De Kock, J.A. (Prof.)

Du Toit, C.G.dK. (Prof.)

Helberg, A.S.J. (Prof.)

Hoffman, A.J. (Prof.) (DPD*)

Kruger, H.A. (Prof.) (Rek. Wet.)

Markgraaff, J. (Prof.)

Mathews, E.H. (Prof.) (SNK*)

Rousseau, P.G. (Prof.)

Van Schoor, G. (Prof.)

Vosloo, H.C.M. (Prof.) (Chemie)

Waanders, F.B. (Prof.)

Voorsitter van die Ingenieurstudente Vereniging (ISV) aangewys.

Sekretaris: Mev. M.C.J. Potgieter

*DPD = Direkteur Professionele Dienste

*SNK = Sentrum vir Navorsing en Kommersialisering

Saamgestel deur Mev. M.C.J.Potgieter, B.A. (Kommunikasiekunde), B.Bibl.Hons. (PU vir CHO)

Administratiewe Bestuurder

Fakulteit Ingenieurswese

30 Julie 2003

I.1 REËLS: FAKULTEIT INGENIEURSWESE

I.1.1 ALGEMEEN

Ingenieurswese verwys na die praktyk van die organisering van die ontwerp, konstruksie en bedryf van artefakte (produkte, prosesse of stelsels) wat die fisiese wêreld rondom ons transformeer ten einde sekere geïdentifiseerde behoeftes te bevredig. Met ander woorde, alhoewel ingenieurs nie wetenskaplikes is nie, bestudeer hulle die wetenskap en gebruik dit om probleme van praktiese belang op te los, tipies deur 'n proses wat bekend staan as kreatiewe sintese of ontwerp. Ingenieurs is nie vakmanne of tegnoloë nie. Hulle is lede van 'n professie.

Alhoewel ingenieurswese as professie sy oorsprong in die vroegste ontwikkeling van die mensdom het, was dit eers in die middel van die negentiende eeu, toe daar die eerste keer begin is om wetenskaplike metodes sistematies toe te pas om ingenieursprobleme op te los en toe daar begin is met die stigting van ingenieurskole en -verenigings, dat dit erkenning begin geniet het as 'n "geleerde professie".

Met die vertegnologisering van ons samelewing speel ingenieurs 'n al hoe belangrike rol ten opsigte van ekonomiese ontwikkeling. Uitstekende werksgeleenthede bestaan vir ingenieurs in feitlik alle sektore van die ekonomie, beide plaaslik en oorsee.

Die volgende B.Ing.-graadprogramme word deur die fakulteit Ingenieurswese aangebied:

- Chemiese Ingenieurswese
- Chemiese Ingenieurswese met spesialisering in Mineraalprosessering
- Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese
- Rekenaar- en Elektroniese Ingenieurswese
- Meganiese Ingenieurswese
- Meganiese Ingenieurswese met spesialisering in Materiale

Al bogenoemde grade word deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Ingenieurswese (ECSA) as kwalifiserende grade vir registrasie as professionele ingenieurs erken.

Aangesien ECSA mede-ondertekenaar van 'n aantal internasionale ooreenkomste is, word die B.Ing.-grade wat deur die Fakulteit aangebied word, ook in die meeste belangrike nywerheidslande as kwalifiserende grade vir registrasie as professionele ingenieur in daardie lande erken.

Die Fakulteit streef

- * na wetenskaplike innoverende denke sowel as die algemene vorming van die leerder tot roepingsvervulling en diensbaarheid;
- * om hoëvlakmannekrag te lewer, toegerus met vaardighede om diensbaar te wees in 'n breë tegnologiese omgewing met klem op die toepassing van gefundeerde ingenieurs- en bedryfsbeginsels;

- * om nuwe kennis te ontgin en te ontwikkel deur navorsing wat sal bydra tot die ontwikkeling van die land en al sy mense;
- * om 'n erkende deskundigheidsentrum te wees van uitnemende standaarde met 'n unieke karakter;
- * om 'n gees van innovasie en entrepreneurskap by leerders aan te wakker.

Die Fakulteit bied navorsingsgeleenthede aan belowende persone wat 'n navorsingsloopbaan wil volg na verwerwing van die baccalaureusgraad (B.Ing.) en wat 'n nagraadse studie wil voltooi vir die verwerwing van 'n magistergraad (M.Ing.) en/of doktorsgraad (Ph.D.) in Ingenieurswese. Navorsingsentra van voortreflikheid bestaan in die Fakulteit wat ondersteuning geniet van die nywerhede en statutêre liggame. 'n Besondere doktorsgraad (D.Ing.) vir mees uitstaande navorsing verrig (sonder leiding) word ook deur die Fakulteit toegeken.

I.1.2 PROFESSIONELE STATUS

Die baccalaureusgrade wat in die fakulteit Ingenieurswese toegeken word, word erken deur:

- a) Die Suid-Afrikaanse Raad vir Ingenieurswese (ECSA) as kwalifiserende grade vir registrasie as professionele ingenieur (Pr.Ing.) volgens die Professionele Ingenieurswet.
- b) Die volgende ingenieursverenigings vir lidmaatskap, wat insluit:
 - c) Britse Instituut van Chemiese Ingenieurs (IChemE)
 - SA Instituut van Chemiese Ingenieurs (SACHI)
 - SA Instituut van Elektriese Ingenieurs (SAIEI)
 - SA Instituut van Meganiese Ingenieurs (SAIMI)
 - SA Instituut vir Mynbou en Metallurgie (SAIMM)
- d) Ander binnelandse en buitelandse universiteite (in die VSA en Europa) vir verdere nagraadse studie.

I.1.3 GESAG VAN DIE A-REËLS

Die Fakulteitsreëls, wat ten aansien van die verskillende programme van hierdie fakulteit geld en in hierdie Fakulteitsjaarboek opgeneem is, is onderhewig aan die algemene akademiese reëls van die Universiteit, soos dit van tyd tot tyd deur die Raad van die Universiteit op aanbeveling van die Senaat vasgestel word, en moet dus met daardie algemene akademiese reëls saamgelees word.

Die algemene akademiese reëls verskyn op die Universiteit se tuisblad <http://www.puk.ac.za> onder "Algemeen"/ "Algemene Jaarboek"/ "Reëls", en gedrukte eksemplare daarvan kan in die Ferdinand Postma-biblioteek en by die Direkteur: Akademiese Administrasie geraadpleeg word.

I.1.4 EVALUERING VAN AKADEMIESE VAARDIGHED

- a) Alle nuwe eerstejaarleerders aan die Universiteit moet hulle aanmeld vir 'n verpligte vaardigheidstoets ten einde hulle vermoë om in 'n akademiese omgewing te funksioneer, te evalueer.
- b) Die doel van die toets is om leerders te help om vroegtydig leemtes te identifiseer en dan die nodige leiding in hierdie verband te kry.

- c) Hierdie toets word in die oriënteringstydperk in koshuisverband afgeneem, maar die kursusse self word in fakulteitsverband aangebied.
- d) Leerders wat nie by koshuise inskakel nie, moet ook die toets aflê. Sodanige leerders moet dan met die oog op die nodige reëlings in hierdie verband kom aanmeld by die kantoor van die akademiesetaalvaardigheidsprogram op die onderskeie kampusse.
- e) Die program waarvoor leerders registreer, is bepalend vir die taal waarin (a) die toetse afgeneem en (b) die hulp ook aangebied word. Dit sal bepaal of leerders registreer vir AFNL 181 (moedertaalsprekers van Afrikaans), AFNL 182 (niemoedertaalsprekers van Afrikaans), ENGL 181 (algemene Engelse vaardigheid).
- f) Indien 'n leerder geïdentifiseer word as 'n kandidaat vir een van die kursusse, moet die betrokke kursus geslaag word alvorens die leerder vir die tweede studiejaar kan registreer.

I.1.5 SKOLE EN FOKUSAREAS IN DIE FAKULTEIT

Die fakulteit Ingenieurswese bestaan uit drie skole wat elkeen twee rigtings in ingenieurswese aanbied. Aan die hoof van elke skool staan 'n direkteur en hy word bygestaan deur programmeiers. Die skole is verantwoordelik vir onderrig van voorgraadse, honneurs- en gedoseerde magisterprogramme. Die skole en die programme wat binne die skole aangebied word, word in onderstaande tabel opgesom:

SKOOL	PROGRAMME
Skool vir Chemiese en Mineraalingenieurswese	<ul style="list-style-type: none"> • Chemiese Ingenieurswese • Chemiese Ingenieurswese met spesialisering in Mineraal-prosessering
Skool vir Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese	<ul style="list-style-type: none"> • Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese • Rekenaar- en Elektroniese Ingenieurswese
Skool vir Meganiese en Materiaalingenieurswese	<ul style="list-style-type: none"> • Meganiese Ingenieurswese • Meganiese Ingenieurswese met spesialisering in Materiale

Navorsing in die Fakulteit word deur die Navorsingsfokusarea Energiestelsels, en 'n navorsingsgroep genoem die Berekeningsmeganika Laboratorium bestuur. Daar is tans twee fokusareas by navorsing en opleiding van magister- en Ph.D.-leerders betrokke, naamlik Energiestelsels en Skeidingswetenskap en -tegnologie.

Die magister- en Ph.D.-opleidingsprogramme word binne drie skole in ses navorsingsrigtings (subprogramme) aangebied. Die Direkteur van 'n betrokke skool word deur 'n nagraadse programbestuurder bygestaan in die koördinerende en aanbieding van nagraadse opleidingsprogramme.

I.1.6 KWALIFIKASIES, PROGRAMME EN KURRIKULUMS

In die fakulteit Ingenieurswese kan verskillende kwalifikasies (grade) verwerf word. 'n Bepaalde kwalifikasie kan in een van ses programme (die term

program dui 'n spesifieke studierigting aan) verwerf word. In elke program word 'n vaste kurrikulum gevolg.

Inligting oor en die reëls vir die verskillende kwalifikasies, studierigtings/ programme en kurrikulums word in hierdie jaarboek uiteengesit.

I.1.6.1

Grade

Die Universiteit is bevoeg om in die fakulteit Ingenieurswese die volgende grade toe te ken:

Kwalifikasie en afkorting	Program / Kurrikulums	Kwalifikasie-/Kurrikulum-kodes
Baccalaureus Ingenieriae (B.Ing.)	<i>Kwalifikasiekode</i> 700 105 Programme • Chemiese Ingenieurswese	I 101P
	• Chemiese Ingenieurswese met spesialisering in Mineriaalprosessering	I 102P
	<i>Kwalifikasiekode</i> 700 107 Programme • Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese	I 201P
	• Rekenaar en Elektroniese Ingenieurswese	I 202P
Baccalaureus Ingenieriae (B.Ing.)	<i>Kwalifikasiekode</i> 700 109 Programme • Meganiese Ingenieurswese	I 301P
	• Meganiese Ingenieurswese met spesialisering in Materiale	I 302P
Baccalaureus Scientiae (B.Sc.)	Rigting: Ingenieurswetenskappe	200 113
	Programme • Chemiese Ingenieurswese en Mineriaalprosessering	I 401P
	• Elektriese en Rekenaaringenieurswese	I 402P
	• Meganiese en Materiaalingenieurswese	I 403P
	• Rekenaarwetenskap en Rekenaaringenieurswese	I 404P

Die volgende B.Sc.Hons.-graad word ook voltyds in die rigting ingenieurswetenskappe in vier programme aangebied:

Kwalifikasie en afkorting	Program/Program(me)	Graad- / Kurrikulum kodes
Honneurs Baccalaureus Scientiae (B.Sc.Hons.)	Rigting: Ingenieurswetenskappe	202 104
	Programme	
	• Chemiese Ingenieurswese en Mineraalprosessering	I 601P
	• Elektriese en Rekenaaringenieurswese	I 602P
	• Meganiese en Materiaalingenieurswese	I 603P
	• Rekenaarwetenskap en Rekenaaringenieurswese	I 604P

Magister Ingenieriae

M.Ing. (Voltyds na B.Ing.)	702 102
M.Ing. (Deeltyds na B.Ing.)	702 103

Magister Scientiae

M.Sc. (Voltyds na B.Sc.Hons..)	203 117
M.Sc. (Deeltyds na B.Sc.Hons..)	203 118

Philosophiae Doctor

Ph.D. (Voltyds)	703 102
Ph.D. (Deeltyds)	703 103

I.1.7

MODULES EN KREDIETE

Vakke word aangebied volgens modules waaraan bepaalde kredietwaardes toegeken is. Elke module moet afsonderlik geslaag word (Algemene reël A.1.26).

Modules het 'n kode en 'n beskrywende naam, bv. ENTR421 waarvan die betekenis van die syferkode in Algemene reël A.1.32 verklaar word.

Modules is volgens vlakke van gevorderdheid ingedeel, wat ook verband kan hou met die studiejaar waarin die modules in 'n bepaalde program geneem word, indien die program in die minimumstudietydperk voltooi word

By elke kwalifikasie en program word 'n aantal moontlike kurrikulums, waaruit die leerder een moet kies, beskryf en word aangedui hoe die modules in elke kurrikulum oor die verskillende semesters van elke studiejaar versprei moet word.

Die kurrikulums is saamgestel vir die minimumtydperk van drie of vier jaar soos van toepassing vir die betrokke kwalifikasie. 'n Leerder kan aansoek doen om die modules van 'n program ook oor 'n langer tydperk te versprei. Oorskryding van die maksimum studietydperk van 'n program, omdat die leerder nie na wense gevorder het nie, sal slegs in uitsonderlike gevalle toegelaat word.

Die volgorde waarin modules in 'n program geneem moet word, is nie willekeurig nie, maar ontwerp om te verseker dat volgende leer altyd op vorige leer voortbou.

I.1.8 VERHOUDING TUSSEN KREDIETPUNTE, ONDERRIGPERIODES EN EKSAMENVRAESTELLE

I.1.8.1 Verhouding tussen kredietpunte en onderrigperiodes

Na aanleiding van reël A.1.26 geld die volgende algemene reël met betrekking tot die kredietpunte van 'n module en die maksimum aantal teorieperiodes en die prakties (waar van toepassing) verbonde aan die module.

'n Module waarvan die kredietwaarde 8 (16) is, beslaan tydens die eerste drie semesters van 'n program (die twee semesters van die eerste jaarvlak en die eerste semester van die tweede jaarvlak) 'n maksimum van 2 (4) teorieperiodes van 45 minute elk en op eerste jaarvlak 'n praktiese sessie van maksimum 1½ (3) ure per week.

In die tweede semester van die tweede jaarvlak en op die derde en vierde jaarvlak beslaan 'n module waarvan die kredietwaarde 8 (16; 24) is 1 (2; 3) teorieperiodes van 45 minute elk en op tweede, derde en vierde jaarvlakke 'n praktiese sessie van 1 (1½; 1½) ure per week. Afhangende van die aard van die verskillende modules, mag daar afwykings hierop voorkom. Die leeruikomst van elke module word in die laaste deel van hierdie Jaarboek kortliks beskryf.

Vir die Fakulteit Ingenieurswese geld (opsommend) die volgende algemene riglyne:

JV	16-KREDIETE MODULES				8-KREDIETE MODULES			
	L	Pr	T	Eks	L	Pr	T	Eks
I	4	4	2 uur	3 uur	2	2	2 uur	2 uur
II	4	4	2 uur	3 uur	2	2	2 uur	2 uur
III	3	3	2 uur	3 uur	2	2	2 uur	2 uur
IV	3	3	2 uur	3 uur	2	2	2 uur	2 uur

JV = jaarvlak; L = lesings; Pr = prakties; T = toetsduur; Eks = eksamenduur

I.1.8.2 Verhouding tussen kredietpunte en eksamenvraestelle

Die eksamenvraestel vir 'n 8-kredietpunt module duur gewoonlik twee uur en die eksamenvraestelle van modules wat 16, 24 of 32 kredietpunte tel, duur gewoonlik drie uur.

I.1.9 ERKENNING VAN VORIGE LEER

- Die PU vir CHO aanvaar die beginsel onderliggend aan uitkomsgerigte, brongebaseerde en lewenslange leer, waarin artikulasie en mobiliteit 'n betekenisvolle rol speel, en onderskryf die siening dat erkenning van vorige leer, hetsy dit in formele onderrigprogramme by hierdie of 'n ander instelling, of informeel (deur ervaring) opgedoen is, 'n onontbeerlike element by die besluit oor toelating tot en kredietverlening met die oog op plasing binne 'n uitdruklik gekose onderrigleerprogram van die Universiteit uitmaak.
- By die erkenning van vorige leer handel dit oor die bewysbare kennis en leer wat 'n aansoeker opgedoen het, hetsy deur formele

onderrigprogramme te deurloop, of deur ervaring. Te alle tye sal die vraag wees watter vlak van vaardigheid, beoordeel in die konteks van die uitreevlakvaardighede wat vereis word vir die beoogde onderrigleerprogram of modules daarbinne, of status waarvoor die aansoeker aansoek doen, en nie bloot om die ervaring wat 'n aansoeker kan boekstaaf nie. Erkenning van vorige leer geskied dus in terme van die toegepaste bevoegdhede wat die aansoeker in die aansoek gedemonstreer het, met inagneming van die uitree-uitkomst wat met die gekose onderrigleerprogram bereik moet word.

- c) Die PU vir CHO aanvaar dat die erkenning van vorige leer binne die normale, bestaande beleid oor die toelating van kredietverlening aan voornemende of bestaande leerders – hetsy van hierdie of 'n ander instelling – op 'n geldige, betroubare en billike wyse kan en moet geskied.
- d) Vir die hantering van 'n aansoek om erkenning van vorige leer is daar 'n nie-terugbetaalbare administratiewe fooi wat van tyd tot tyd deur die Universiteit bepaal word, betaalbaar.

I.1.10 REGISTRASIE

Registrasie is die voorgeskrewe voltooide proses wat 'n leerder deurloop het om as leerder van die Universiteit te registreer (Algemene reëls A.1.40 en A.5).

'n Toegelate leerder registreer jaarliks vir die duur van die studie vir 'n spesifieke studieprogram op die tyd en plek deur die Universiteit daarvoor bepaal. Die proses behels dat die voorgeskrewe registrasiegeld betaal word, die registrasievorm voltooi en die nodige handtekeninge daarop aangebring is.

Die registrasievorm word deur die leerder by die registrasieafdeling ingedien waarop 'n bewys van registrasie uitgereik word.

I.1.11 EKSAMINERING (SLEGS VIR EERSTE B.-GRADE)

I.1.11.1 Eksamengeleenthede

Die eksamengeleenthede en verbandhoudende reëls geskied in ooreenstemming met Algemene reël A.8.1.3 .

I.1.11.2 Samestelling van die deelnamepunt

Die deelnamepunt vir 'n module (Algemene reëls A.1.5 en A.8.8) word saamgestel uit toetse, werkstukke en praktiese werk. Vir elke onderrigleeropdrag (klastoetse, werkstukke, opgawes, ensovoorts) wat uitgevoer word by wyse van formatiewe assessering in 'n module, word 'n punt toegeken. 'n Leerder se deelnamepunt is die geweegde gemiddelde van hierdie punte.

Die verhouding tussen teorie en praktiese werk vir die berekening van die deelnamepunt vir modules word in die betrokke studiegids uiteengesit.

I.1.11.3 Toelating tot die eksamen

- a) Toelating tot die eksamen in enige module geskied deur die verwerwing van 'n deelnamebewys (Algemene reëls A.1.4 en A.8.6).
- b) In terme van reël A.8.6 sal 'n deelnamebewys in die fakulteit Ingenieurswese slegs aan 'n leerder uitgereik word indien hy/sy

- i) voldoen het aan die besondere vereistes daarvoor wat in die studiegids vir die betrokke module uiteengesit is;
 - ii) waar van toepassing, die praktiese werk wat vir 'n module vereis word, voltooi het; en
 - iii) 'n deelnamepunt van minstens 40% behaal het.
- e) Die deelnamebewys van die leerder wat vir 'n module verwerf is vir die eerste eksamengeleentheid, word net so oorgedra na die tweede eksamengeleentheid (Algemene reël A.8.1.1).

I.1.11.4 Aantal eksamengeleenthede

Die aantal eksamengeleenthede word gereël deur Algemene reël A.8.1. 'n Implikasie van hierdie reël is dat 'n leerder wat 'n module na die tweede eksamengeleentheid nog nie geslaag het nie, nie op klasvrystelling geregtig sal wees nie.

I.1.11.5 Modulepunt

Met verwysing na A.1.33 en A.8.8 word die modulepunt bereken uit die deelnamepunt en die eksamenpunt in die verhouding 1:1.

I.1.11.6 Slaagvereistes van 'n module en program

- a) Die bepaling ten opsigte van die slaag van modules en programme is in die Algemene reëls A.8.4 – A.8.14 uiteengesit.
- b) Die subminimum in die eksamen vir alle modules, behalwe RINL111, is 40% (Algemene reël A.8.9). Die subminimum vir RINL111 is 50%.
- c) Die slaagvereiste vir 'n module waarin eksamen geskryf is, is 50%.
- d) Reël A.8.1.2 bepaal dat as 'n leerder albei eksamengeleenthede benut, bepaal die punt wat in die TWEEDE eksamen verwerf is, die eksamenpunt.
- e) 'n Program word geslaag deur al die modules waaruit die program saamgestel is, afsonderlik soos aangedui in reël A.8.7, te slaag.

I.1.12 VORDERING IN 'N PROGRAM GEBASEER OP VERONDERSTELDE LEER

By die saamstel van elke program is sorg gedra dat die veronderstelde leer, dit wil sê die nodige voorkennis en algemene vlak van insig en ervaring, wat nodig is om die modules wat in 'n bepaalde semester van 'n program voorgeskryf is, met gemak te kan volg, reeds in die voorafgaande semesters verwerf is.

'n Leerder wat een of meer modules in die voorafgaande semesters gesak het, sal dus waarskynlik nie voldoende toegerus wees om die modules van die volgende semester te neem nie. Sulke leerders word DRINGEND aangeraai om VOORAF die direkteur van die betrokke skool te raadpleeg om vas te stel watter modules van die betrokke semester hulle wel met 'n redelike verwagting op sukses sal kan loop.

Die reëls hieronder het ten doel om te verseker dat 'n leerder in enige semester slegs daardie modules neem waarvoor hy wel oor die minimum voorkennis beskik.

- a) Leerders wat van een program na 'n ander program omskakel se intreevlak in die nuwe program sal in oorleg met die direkteur van die skool waaronder die betrokke program ressorteer, bepaal word.
- b) 'n Module van enige vak kan slegs geneem word indien aan die eise ten opsigte van veronderstelde leer, soos in die modulelys van die betrokke vak aangedui is, voldoen is.

I.1.13 TERMINERING VAN STUDIE

In terme van Algemene reël A.9.1 geld die volgende reëls in die Fakulteit Ingenieurswetenskappe. Leerders wat in terme van hierdie reëls aansoek om hertoelating moet doen, het waarskynlik óf nie die aanleg óf die motivering om die betrokke program met sukses te voltooi nie.

- a) 'n Leerder wat in sy eerste studiejaar *minder* as die helfte van die kredietpunte van jaarvlak 1 van 'n program verwerf het, moet aansoek doen om hertoelating. Indien hierdie aansoek suksesvol is, sal die leerder sy studieprogram vir die tweede studiejaar in oorleg met die skooldirekteur of sy gedelegeerde moet beplan.
- b) 'n Leerder wat na twee volle studiejare nog nie die helfte van die voorgeskrewe kredietpunte van die eerste twee jaar van 'n program verwerf het nie, moet aansoek doen om hertoelating. Indien hierdie aansoek suksesvol is, sal die leerder in sy historiese derde studiejaar nie toegelaat word om enige modules uit jaarvlak 3 te neem nie, maar slegs om vir ontbrekende modules uit jaarvlakke 1 en 2 te registreer.
- c) 'n Leerder wat na sy historiese derde studiejaar nog nie al die kredietpunte van die eerste twee studiejare van die program verwerf het nie, moet aansoek doen om hertoelating. Indien hierdie aansoek suksesvol is, sal die leerder se studieprogram vir sy vierde studiejaar in oorleg met die direkteur van die betrokke skool beplan moet word.

Belangrik: Geen leerder se studie sal in terme van hierdie fakulteitsreëls getermineer word voordat hy en/of sy ouers nie uitgenooi is om sy omstandighede persoonlik of skriftelik aan die dekaan te verduidelik nie.

I.2 REËLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS IN INGENIEURSWESE

Hierdie kwalifikasie kan verwerf word in een van ses rigtings. Die programme, wat hieronder in besonderhede beskryf word, kan slegs voltyds geneem word.

Leerders kan tydens hulle studie slegs met die toestemming van die betrokke skooldirekteure van program verander of die program waarvoor hulle ingeskryf is, wysig.

I.2.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR

Die minimum voltydse studietydperk vir die graad is vier jaar en die maksimum tydsduur vir die voltooiing van die graad is ses jaar.

I.2.2 TOELATINGSVEREISTES

I.2.2.1 Tot eerste studiejaar

Niemand word vir studie tot die B.Ing.-graad in die Fakulteit Ingenieurswese toegelaat nie, tensy hy/sy

- a) voldoen aan die vereistes vervat in A.4.2.1 (algemene reëls wat vir die Universiteit geld), wat bepaal dat skoleindsertifikate geëndosseer moet wees dat daar voldoen is aan die minimum statutêre vereistes vir toelating tot B-gradstudie aan 'n universiteit in die RSA - met ander woorde volle matrikulasievystelling verwerf is.
- b) behoudens uitsonderings wat die Senaat mag goedkeur,
 - i) in die Matrikulasie-eksamen in Wiskunde in die hoër graad met ten minste 50% (D-simbool) geslaag het met dien verstande dat leerders wat 'n D-simbool verwerf het, verplig sal wees om 'n opknappingskursus wat in Januarie deur die Skool vir Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe aangebied word, by te woon;
 - ii) in Natuur- en Skeikunde geslaag het met ten minste 50% (D-simbool) in die hoër graad; en
 - iii) 'n M-telling van minstens 20 behaal. Vir ingenieurswese word dié berekening aan die hand van die volgende tabel gedoen:

Vaksimbool	Hoërgraad	Standaardgraad
A-simbool (80% en meer)	5	4
B-simbool (70% tot 79%)	4	3
C-simbool (60% tot 69%)	3	2
D-simbool (50% tot 59%)	2	1
E-simbool (40% tot 49%)	1	0

'n Maksimum van 6 vakke word gebruik om die M-telling te bereken. Vir dié berekening moet twee tale, Wiskunde en Natuur/Skeikunde deel van die berekening wees. Wiskunde se telling word verdubbel.

'n Leerder wat aan 'n technikon studeer het en nie aan (i) en (ii) en (iii) hierbo voldoen nie, en/of wat aansoek gedoen het vir voorwaardelike

matriekvrystelling, mag ook aansoek doen vir toelating. Elke aansoek sal volgens meriete geëvalueer word.

I.2.2.2 Tot tweede, derde en vierde studiejaar

- a) Geen student word toegelaat om vir enige moduleenheid van enige studiejaar te registreer, indien so 'n student by registrasie, aan die begin van die akademiese jaar, nog meer as 48 module-krediete kortkom om die voorafgaande studiejaar behoorlik te voltooi nie. Leerders wat nog modules van 'n sekere studiejaar herhaal en vir modules registreer in die opeenvolgende studiejaar kan dit net doen, mits daar geen roosterbotsings voorkom nie, en voorvereistes streng nagekom word.
- b) 'n Student registreer in 'n bepaalde studiejaar indien hy vir minstens 60% van die voorgeskrewe module-krediete vir die studiejaar registreer.
- c) Geen student word toegelaat om te registreer as 'n derdejaarstudent indien so 'n student by registrasie nog modules van die eerste studiejaar moet voltooi nie.
- d) Geen student word toegelaat om te registreer as 'n vierdejaarstudent indien so 'n student by registrasie nog modules van die eerste studiejaar of tweede studiejaar moet voltooi nie.
- e) Geen student word toegelaat om vir meer as die voorgeskrewe krediete vir 'n betrokke semester in te skryf nie.

I.2.2.3 Aansluiting vanaf 'n ander Universiteit

- a) Leerders wat hulle studie in ingenieurswese by 'n ander universiteit begin het en wat hul studie aan hierdie universiteit wil voortsit, word sterk aangeraai om slegs die eerste jaargang van die program aan daardie universiteit te volg en dan aansoek te doen om by die tweede jaargang van die B.Ing.-programme hier aan te sluit
- b) Leerders wat ingenieurswese aan 'n ander universiteit gestudeer het, is aan keuring onderworpe. Hulle aansoeke om toelating tot die B.Ing.-program sal *ad hoc* hanteer word.
- c) Leerders wat in die ingenieurswese aan 'n ander universiteit studeer en nie toegelaat word om hulle studie in ingenieurswese aan daardie betrokke universiteit voort te sit nie, sal nie toegelaat word om by die B.Ing.-programme van die PU aan te sluit nie.
- d) Aansoeke om aansluiting by die B.Ing.-program vir 'n gegewe jaar, sluit op 31 Oktober van die voorafgaande jaar en aansoeke om erkenning van modules op grond van ooreenstemmende modules wat aan 'n ander universiteit geslaag is, moet voor die begin van die akademiese jaar, skriftelik aan die Dekaan gerig word.
- e) Leerders wat in die ingenieurswese by 'n ander universiteit studeer en hulle studies aan hierdie universiteit wil voortsit, moes by die aanvang van hulle studie aan die ander universiteit reeds voldoen het aan die toelatingsvereistes van die Fakulteit Ingenieurswese van die PU.

I.2.3 SAMESTELLING VAN KURRIKULUM

I.2.3.1 Inleidend

Die leerplanne van al die voorgraadse ingenieurswese opleidingsprogramme is so saamgestel dat dit die uitreevlakuitkomste, soos neergelê deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Ingenieurswese, bevredig, nl.:

- ingenieursprobleemoplossing;
- toepassing van fundamentele en spesialiskennis;
- ingenieursontwerp en sintese;
- ondersoek, eksperimentering en data-analise;
- ingenieursmetodes, -gereedskapstukke en informasietegnologie;
- professionele en algemene kommunikasie;
- impak van ingenieursaktiwiteite op die omgewing;
- spanwerk en multidisiplinêre samewerking;
- lewenslange leer;
- professionaliteit en etiek.

Die kurrikulum vir die eerste studiejaar bestaan hoofsaaklik uit basiese natuurwetenskapmodules soos Chemie, Wiskunde, Toegepaste Wiskunde en Fisika. Rekenaarprogrammering en inleidende ingenieurswesemodules word ook aangebied.

In die tweede studiejaar word meer ingenieurswetenskapmodules aangebied tesame met geselekteerde natuurwetenskap-modules wat verskil vir die verskillende rigtings.

Die kurrikula vir die derde en vierde studiejaar bestaan hoofsaaklik uit ingenieurswetenskapvakke met enkele natuurwetenskap- en bestuursvakke. In die finalejaar val die klem op ontwerp en sintese. Die module Projek speel in dié verband 'n baie belangrike rol.

Alhoewel formele modules in rekenaarwetenskap en inligtingstegnologie tot op tweedejaarlvlak aangebied word, word daar deurgaans groot klem op rekenaartoeepassings in ingenieurswese geplaas.

I.2.3.2 Programuitkomste

I.2.3.2.1 Algemeen

Aan die einde van die studie sal die leerder oor wetenskaplike kennis en insig beskik wat oor een of meer vakgebiede strek. Dit sluit in feitekennis maar veral ook kennis van en insig in begrippe, strukture, prosedures, modelle, teorieë, beginsels, navorsingsmetodes en die plek en grense van die wetenskap in die menslike lewe.

I.2.3.2.2 Kennis

Die gegradueerde moet 'n deeglike kennis van die kernvakke van die program besit en sal bevoeg wees om:

- Konvergerende en divergerende ingenieursprobleme te kan identifiseer.
- Kennis van die wiskunde, basiese wetenskappe en ingenieurswetenskappe vanuit eerste beginsels te kan toepas om ingenieursprobleme op te los.

- Prosedurele en nie-prosedurele ontwerp in sintese van komponente, stelsels, produkte en prosesse te kan uitvoer.
- Eksperimentele ondersoeke te kan uitvoer wat onder andere data-analise insluit.
- Om ingenieursmetodes en tegnieke te kan toepas wat die gebruik van rekenaarpakkette en rekenaarprogrammering insluit.
- Mondeling en skriftelik effektief en professioneel te kan kommunikeer.
- Effektief as individu en as lid van 'n span in multidissiplinêre omgewings te kan werk.

Hy/sy is ook krities bewus van:

- Die impak van ingenieursaktiwiteite op die omgewing en samelewing.
- Die noodsaaklikheid om lewenslank sy/haar vermoëns te ontwikkel deur verdere leer.
- Die noodsaaklikheid om altyd professioneel en eties korrek op te tree.

I.2.3.2.3

Vaardighede

Die gegradueerde moet oor die volgende vaardighede beskik:

- Krities en kreatief probleme kan identifiseer en oplos.
- As entrepreneur kan begin optree.
- In groepe kan funksioneer en as leier kan optree.
- Effektiewe en verantwoordelike selfbestuur kan toepas.
- Kennis selfstandig kan verwerf, toepas, analiseer, integreer en gefundeerd evalueer.
- Kennis wetenskaplik kan kommunikeer in verskillende media. Die leerder moet dus oor luister, lees-, praat-, skryf-, redeneer- en rekenaarvaardighede beskik.
- Wetenskap en tegnologie doelmatig en doeltreffend kan gebruik met verantwoordelikheid teenoor die omgewing, eie gesondheid en gesondheid van ander mense.
- 'n Doeltreffende leerder wees wat die noodsaaklikheid van lewenslange leer besef.
- Noukeurig en stip wees.
- 'n Eie denkraamwerk kan verwoord en verantwoord met verwysing na die Christelike en ander lewensbeskouings.

I.2.3.2.4

Waardes

Die gegradueerde moet die volgende waardes aanleer:

- Die normatiewe aspekte van wetenskapsbeoefening verstaan en nastreef en sodoende 'n verantwoordelike teenoor die medemens en omgewing in wetenskaplike ondersoeke openbaar.
- Respek vir die medemens, die skepping en gesag.
- Wetenskaplike eerlikheid en integriteit en die verstaan en nastreef daarvan.
- Prinsipiële denke wat ook manifesteer in gefundeerde aanpasbaarheid.
- Nastreef van uitnemendheid.
- Toewyding en integriteit.

I.2.3.2.5 Artikulasiemoontlikhede

Na die suksesvolle voltooiing van 'n program sal dié gegraduateerde wat voldoende presteer het, direk toegang tot magisterstudie in een van die kernvakke van die program hê.

Krediet sal verleen word vir modules wat in ander fakulteite of by ander universiteite geslaag is, mits sodanige modules bydra tot die uitkoms- en totale kredietvereistes van die betrokke program.

Met die basiese en toepasbare vaardighede wat die gegraduateerde met hierdie kwalifikasie in die wiskundige, rekenaarkundige en natuurwetenskaplike en ingenieursdissiplines opgedoen het, sal die gegraduateerde toegerus wees om met verdere leer voort te gaan in verskeie gespesialiseerde vakgebiede aan ander inrigtings.

I.2.3.2.6 Eksaminering

Vir eksamentoelatingsvereistes, berekening van die deelnamepunt, modulepunt, slaagvereistes vir die program en herhaling van eksamens in modules, ensovoorts word die leerder na I.1.9 tot I.1.11 verwys.

Computer Science	CEM 101-A	End user Computing	12
	COS 112-V		

Curriculum I412T: Electrical and Electronic Engineering

Qualification code 700 111

and

Curriculum I413T: Computer and Electronic Engineering

Qualification code 700 111

The first year curriculum for both curricula:

PU for CHE Modules					
First semester			Second semester		
Code	Description	Cr	Code	Description	Cr
MNDI111	Engineering Drawing I	16	MASI121	Materials Sciences I	16
LEER111	Learning and Reading Development	8	EECI121	Computer Engineering I	16

UNISA modules (year courses)			
Module	Code	Description	Cr
Chemistry	CHE 101-N	General Chemistry A	12
Physics	PHY 105-A of PHY 101	Mechanics	12

UNISA modules (year courses)			
Module	Code	Description	Cr
Physics	PHY 106-B of PHY 102	Electromagnetism and Heat	12
	PHY104	Modern Physics	12
Mathematics	MAT 112-P	Calculus A	12
	MAT 113-Q	Calculus B	12
	MAT 111-N	Precalculus Mathematics B	12
	MAT 103-N	Linear Algebra	12
Applied Mathematics	AMP 113	Applied Linear Algebra	12
	AMP 112-T	Mechanics II	12
Computer Science	CEM 101-A	End user Computing	12
	COS 112-V		

Curriculum I414T: Mechanical Engineering

Qualification code 700111

and

Curriculum I415T: Mechanical Engineering with specialisation in Materials

Qualification code 700111

The first year curriculum for both programs:

PU for CHE Modules					
First semester			Second semester		
Code	Description	Cr	Code	Description	Cr
MNDI111	Engineering Drawing I	16	MASI121	Materials Sciences I	16
LEER111	Learning and Reading Development	8	MNDI121	Engineering Drawing II	16

UNISA modules (year courses)			
Module	Code	Description	Cr
Chemistry	CHE 101-N	General Chemistry A	12
Physics	PHY 105-A of PHY 101	Mechanics	12
	PHY 106-B of PHY 102	Electromagnetism and Heat	12
	PHY104	Modern Physics	12

UNISA modules (year courses)			
Module	Code	Description	Cr
Mathematics	MAT 112-P	Calculus A	12
	MAT 113-Q	Calculus B	12
	MAT 111-N	Precalculus Mathematics B	12
	MAT 103-N	Linear Algebra	12
Applied Mathematics	AMP 113	Applied Linear Algebra	12
	AMP 112-T	Mechanics II	12
Computer Science	CEM 101-A	End user Computing	12
	COS 112-V		

I.12.4 GENERAL INFORMATION

- At present only the first year of the B.Eng. degree is offered by means of distance education. Learners who have successfully completed the first year will therefore have to register in the full-time programs at the PU for CHE (Potchefstroom campus) from the second year onwards and attend classes.
- The module Introduction to Engineering (8 credits) which forms part of the programs is only presented full-time at the PU for CHE campus and all learners are required to pass it. Learners who enrol for the distance learning programs take this module as part of their second year programs (full-time at the PU campus) and he/she registers for it at that time.
- Access to a personal computer and the Internet is a prerequisite since the TLS approach relies heavily on e-mail communication between the lecturer and learner, as well as on the use of multimedia materials.
- The language of instruction of the distance education course is English. All study materials and correspondence are in English. However, learners will be allowed to do their assignments and write examinations in Afrikaans (should they prefer to do so).
- The full-time B.Eng. programs at the PU for CHE is presented in Afrikaans. Most prescribed books used are in English. However, learners may also choose to do their assignments and write examinations in English.

I.12.5 UNISA MODULES AND PU FOR CHE FULL TIME MODULE CODES

UNISA modules			PU for CHE full time modules		
Code	Description	Cr	Code	Description	Cr
CHE 101-N	General Chemistry A	12	CHEN111	Chemiese Beginsels	8
CHE 103-Q	Organic Chemistry	12	CHEN121	Inleidende Organiese Chemie Only required for curricula I410T and I411T	8

UNISA modules			PU for CHE full time modules		
Code	Description	Cr	Code	Description	Cr
CHE-102P	General Chemistry	12	CHEN122	Inleidende Organiese Fisiese Chemie Only required for curricula I410T and I411T	8
PHY 105-A of PHY 101	Mechanics	12	FSKN111	Meganika	8
PHY 104	Modern Physics	12	FSKN123	Moderne Fisika	8
MAT 112-P	Calculus A	12	WISK111	Analise I	8
MAT 113-Q	Calculus B	12	WISK121	Analise II	8
MAT 111-N	Precalculus Mathematics B	12	WISK122	Inleidende Algebra	8
MAT 103-N	Linear Algebra	12	TGWS111	Koördinaat Wiskunde	8
APM 113	Applied Linear Algebra	12	TGWS121	Statika	8
APM 112-T	Mechanics II	12			
CEM 101-A	End user Computing	12	ITRW119	Programmering vir ingenieurs (C++) I	8
COS 112-V	Introduction to Programming II	12	ITRW129	Programmering vir ingenieurs (C++) II	8

For further information and registration please contact:

PU FOR CHE

Ms. Louise Hoffman
 B.Eng. Advisor
 Tel: (018) 299-4123
 Fax: (018) 293-5237
 E-mail: tlsiinfo@puknet.puk.ac.za

UNISA

General information on the courses:
 Prof. S. de O. Salbany
 Deputy Dean: Faculty of Science
 UNISA
 (012) 429 8002 or (012) 429 6234 (tel.)
 (012) 429 3434 (fax.)

Registration UNISA courses:
 Students (undergraduates)
 (012) 429 4130 (tel.)

I.13 MODULE UITKOMSTES : VOORGRAADS

BIOCHEMIE

BCHI 211 INLEIDENDE BIOCHEMIE

2 uur

Aan die einde van hierdie module sal die student 'n oorsig hê van die verwantskap en rykwydte van Biochemie en Biotegnologie tot ander dissiplines; Selbiologie: struktuur en eienskappe van pro- en eukariotiese selle, subsellulêre komponente; chemiese samestelling van selle. Struktuur en funksie van biomolekules: koolhidrate, proteïene, nukleïensure en lipiede; hiërgargie in sellulêre organisasie. Metabolisme en bio-energetika: voorsiening van koolstof- en energiebehoefte; oksidasie-reduksie reaksie en meganismes van ATP-generering. Inleidende ensiemologie: biologiese katalisatore; eenvoudige ensiemkinetika; regulering van ensiemaktiwiteit; toegepaste ensiemologie.

Voorvereiste: Geen

BCHI411 BIOTEGNOLOGIE

3 uur

Aan die einde van hierdie module sal die leerder kennis hê van die basiese molekulêre biologie en rekombinante DNA-tegnologie: vloeï van genetiese inligting in die biosfeer; konsep van gene en geenuitdrukking; genetiese manipulerings van organismes. Biologiese produksie van spesifieke verbindings; fermentasie en sekondêre metaboliete: substraatbenutting en produk vorming deur selle; biologiese reaktore, produkherwinning en suiwerings; gemengde mikrobiële populasies, watersuiwering en biofilms en biokorrosie.

Voorvereiste: Geen

BCHI621 = BCHI 411 BIOTEGNOLOGIE

CHEMIE

CHEN111 CHEMIESE BEGINSELS

2 uur

Aan die einde van hierdie module het die leerder basiese kennis en insig verwerf: oor die hantering van die wetenskaplike metode, die skryf en benaming van chemiese formules en balansering van reaksievergelykings; om stoïgiometriese en ander berekenings te gebruik om 'n onbekende grootte te vind; om tendense en verbande uit die Periodieke Tabel (hoofgroepe) te verklaar en belangrike eienskappe van stowwe of verbindings neer te skryf; om stowwe te klassifiseer, reaksievergelykings op te stel en verklarings te gee vir waargenome verskynsels en om laboratorium- en veiligheidsreëls te hanteer. *Voorvereiste:* Geen

CHEN121 INLEIDENDE ORGANIESE CHEMIE

2 uur

Aan die einde van hierdie module het die leerder basiese kennis en insig verwerf: om organiese verbindings te klassifiseer en te benaam, om die fisiese eienskappe en chemiese reaksies van die volgende tipes verbindings te ken: onversadigde koolwaterstowwe, alkielhaliede, alkohole, karbonielverbindings, karboksiesure, om die meganisme van geselekteerde organiese reaksies te beskryf en om eenvoudige biologies belangrike verbindings en enkele van hul reaksies te hanteer.

Voorvereiste: Geen**CHEN122 INLEIDENDE ANORGANIESE FISIESE CHEMIE**

2 uur

Aan die einde van hierdie module het die leerder basiese kennis en insig verwerf: om die beginsels wat verband hou met oplossings, chemiese ewewigte, sure en basisse, neerslagvorming en elektronoordragreaksies weer te gee en toepaslike berekenings uit te voer; om chemiese prosesse in die praktyk en in die natuur te bespreek.

Voorvereiste: Geen**CHEN212 FISIESE CHEMIE II**

2 uur

Die termodinamiese- en kinetiese benaderingswyses vir die bestudering van chemiese en/of biologiese prosesse word in hierdie module op 'n inleidende vlak bestudeer. Na afloop van hierdie module beskik die leerder oor: (1) die konseptuele agtergrond, operasionele kennis en die empiriese vermoë om termodinamiese groothede te bepaal en te interpreter; (2) is die kandidaat vertrouwd met basiese kinetiese begrippe en in staat om praktiese probleme op te los en kinetiese groothede te bereken.

Voorvereiste: CHEN111; CHEN121 en CHEN122**CHEN222 ANORGANIESE CHEMIE II**

2 uur

Met hierdie module verwerf die leerder basiese kennis en insig om die atoomstruktuur van s- en p-groep elemente en die bindingsteorië wat vir hierdie elemente van toepassing is te kan beskryf; om die chemiese reaksies wat die belangriker s- en p-elemente ondergaan te leer ken en te verstaan en die tendense in die periodieke tabel te kan toepas; om laboratoriumvaardigheid in 'n verskeidenheid sintesetegnieke vir s- en p-groep verbindings te verkry en verantwoordelik in 'n laboratorium te kan optree.

Voorvereiste: CHEN111; CHEN121 en CHEN122**CHEN223 ORGANIESE CHEMIE II**

2 uur

Aan die einde van die module sal die student vertrouwd wees met die basiese beginsels van aromatisiteit, die chemie van die belangrikste aromatiese verbindings ken asook reaksiemeganismes van elektrofile en nukleofiele aromatiese substitusiereaksies kan verduidelik. Die student sal in staat wees om sinteseroetes vir aromatiese verbindings te voorspel deur permanente en tydsafhanklike elektroniese effekte te ken en te kan toepas om oriëntasie en reaktiwiteit te verklaar. Die student sal sekere aromatiese verbindings kan sintetiseer aangesien hy/sy die nodige laboratoriumtegnieke en vaardigheid bemeester het.

Voorvereiste: CHEN111; CHEN121 en CHEN122

FISIKA

FSKN111 MEGANIKA

2 uur

Aan die einde van hierdie module het leerders 'n formele wiskundige kennis van die fundamentele begrippe van Fisika soos: kinematika in een en twee dimensies, bewegingswette van Newton, swaartekrag, arbeid, energie, drywing, lineêre momentum, stelsels van deeltjies, botsings, rotasiebeweging, traagheidsmomente, statika en golwe. In die Praktika ontwikkel leerders vaardighede in die meet, verwerking, en verslaggewing van natuurwetenskaplike prosesse wat breër as slegs die terrein van die Fisika gekies is.

Voorvereiste: Geen

FSKN121 ELEKTRISITEIT EN MAGNETISME I

2 uur

Aan die einde van hierdie module het leerders 'n formele, wiskundige kennis van die elektromagnetisme. Dit word met behulp van differensiaal- en integraalrekeninge aangeleer. Die onderwerpe bestaan uit elektrostatika, gelykstroombane, magnetostatika, elektromagnetiese induksie, en wisselstrome. In die Praktika word verdere vaardighede in die meet, verwerking, en verslaggewing van natuurwetenskaplike prosesse aangeleer.

Voorvereiste: FSKN111 en WISK111

FSKN123 MODERNE FISIKA

2 uur

Aan die einde van hierdie module het leerders kennis gemaak met optika en onderwerpe uit die atoom- en kernfisika soos inleidende kwantumteorie, kwantumteorie van straling, atoomspektra, X-strale, de Broglie-golwe, en radio-aktiwiteit. In die gepaardgaande praktika doen hulle vaardighede in die meet, verwerking, en verslaggewing van natuurwetenskaplike prosesse op.

Voorvereiste: FSKN111

FSKN211 ELEKTRISITEIT EN MAGNETISME II

2 uur

Aan die einde van hierdie module het die leerders volledig kennis gemaak met die eksperimentele wette van die elektrostatika en magnetostatika in vakuum en materie, sowel as die elektrodinamika. Leerders leer om die wette op 'n verskeidenheid van probleme toe te pas deur elektrostatiese potensiale en velde en magnetostatiese velde te kan bereken. In die praktika (slegs vir B.Sc leerders) word nuwe kennis toegepas om van hierdie verskynsels te

meet, die wetmatighede daarvan te ondersoek, en hulle resultate en verslae met behulp van rekenaarmetodes te analiseer en voor te stel.

Voorvereiste: FSKN121 en WISK121

FSKN311 ELEKTROMAGNETISME

2 uur

In hierdie module, wat direk op FSKN211 volg, word die Maxwellvergelykings afgelei vir vakuum en materie. Aan die einde het leerders 'n aantal oplossings van hierdie vergelykings in vakuum, nie-geleiers, en geleiers geleer, insluitend golfleiers en optiese vesels. In die praktika (slegs vir B.Sc.-leerders) word inleidende elektronika aan die hand van die volgende onderwerpe gedoen: halfgeleiers, gelykrygers, transistors, gemeenskaplike emitterversterkers, die transistor as skakelaar, en negatiewe terugkoppeling.

Voorvereiste: FSKN211 en WISK211

FAKULTEIT INGENIEURSWESE

kyk

INGENIEURSWESEMODULES

GEOLOGIE

GELN213 MINERALOGIE EN PETROLOGIE

3 uur

Aan die einde van hierdie module sal die leerder oor kennis beskik om: die verband tussen die grondbeginsels van kristallografie, kristalchemie en -struktuur en eienskappe van minerale en kunsmatige materiale te beskryf; 'n aanduiding te gee van die geologiese voorkoms en gebruik van ekonomiese minerale; aspekte van tekstuele en mineralogiese eienskappe van gesteentes met die veredeling van ekonomiese afsettings in verband te bring; aanduiding te kan gee van die belangrikste Suid-Afrikaanse ekonomiese afsettings en die bydrae daarvan tot Suid-Afrika se ekonomie; die oorsprong van steenkool te verduidelik, aspekte soos steenkoolanalises, -veredeling en -gebruik met mekaar in verband te bring, en bewus te wees van die impak daarvan op die omgewing.

Voorvereiste: Geen

INGENIEURSWESEMODULES (ALFABETIES VOLGENS DIE KODES)

CEMI111 INLEIDING TOT INGENIEURSWESE

Bywoning

Aan die einde van hierdie module het die leerder kennis verwerf oor die chemiese en mineraalingenieur se plek en rol in 'n werksomgewing; sy geskiktheid in die oplossing van ingenieursprobleme; kreatiwiteit, innovasie en entrepreneurskap om sodoende sy taak suksesvol uit te kan voer. Die leerder sal oor kennis beskik oor belangrike industriële sektore en bedrywigheede soos die chemiese-, petrochemiese- en farmaseutiese industrieë asook oor

die mineraalrykdomme en verwerking daarvan; voedsel en drank; energie; olie; gas; water; omgewingsbewaring; landbou en tekstiele.

Voorvereiste: Geen

CEMI212 PROSESBEGINSELS I

3 uur

Na voltooiing van die module sal die leerder in staat wees om eenhede te kan omskakel, onderskeid te kan maak tussen verskillende sisteme en probleme te kan bemeester van die meeste belangrike prosesveranderlikes. Die leerder sal kennis en insig hê om materiaalbalanse te kan gebruik om probleme sistematies op te los vir komplekse meervoudige sisteme met of sonder chemiese reaksie.

Voorvereiste: Geen

CEMI222 CHEMIESE TERMODINAMIKA I

3 uur

Na voltooiing van die module het die leerder kennis en insig om chemiese termodinamiese eienskappe van gasse en vloeistowwe te kan bereken en te onttrek van databasisse, die basiese wette van termodinamika te gebruik vir die analise van chemiese termodinamiese stelsels, die gedrag van ideale- en nie-ideale gasse te kan bereken en die energiebalans van sekere kragringlope van belang vir die chemiese ingenieur te kan voltooi.

Voorvereiste: CEMI212

CEMI223 PROSESBEGINSELS II

3 uur

Na voltooiing van die module sal die leerder in staat wees om die konsep van energiewerk en hitte te verstaan en verskillende vorms van energie kan identifiseer, termodinamiese tabelle te kan gebruik en energiebalanse te kan opstel en gebruik in die oplos van probleme in oop of geslote sisteme met of sonder chemiese reaksies, faseveranderinge en oplossing of vermenging. Die leerder sal in staat wees om massa- en energiebalanse te kan kombineer in die oplossing van eenvoudige probleme.

Voorvereiste: CHEN111; CHEN121 en CEMI212

CEM1 311 OORDRAGBEGINSELS I

3 uur

Na voltooiing van die module het die leerder kennis en insig om die mikro- en makro-behoudsvergelykings vir massa, momentum en energie-oordrag te kan aflei en toepas, die konsep van momentumvloed in laminêre en turbulente vloei te gebruik vir detail vloeikarakterisering, die kragte te kan bereken oor plat oppervlaktes, sfere, silinders en pakkings vir laminêre en turbulente vloei, drukvalleberekening te kan doen oor alle toerusting wat voorkom in pypstelsels en die vergelyking van Bernoulli vir vloeiberekening te gebruik.

Voorvereiste: CEMI212 en CEMI213

CEMI312 REKENAARMETODES

3 uur

Na voltooiing van die module het die leerder kennis en insig toon van al die komponente wat voorkom in 'n beheerlus. Die fundamentele kennis van massa- en energiebalanse te kan gebruik om dinamiese prosesse volledig te evalueer. Die dinamiese gedrag van stelsels te kan evalueer en simuleer met die gebruik van dinamiese simulasië pakkette (Simulink en/of Hysys). Die beginsels wat toegepas word tydens terugvoerbeheer te verstaan en kan toepas ten einde 'n eenvoudige terugvoerbeheerder te kan ontwerp.

Voorvereiste: ITRW129

CEMI313 CHEMIESE TERMODINAMIKA II

3 uur

Na voltooiing van die module het die leerder kennis en insig om die termodinamiese eienskappe van nie-ideale organiese fluïdes te kan bereken vir dampvloeistof ewewigberekeninge, die damp-vloeistof ewewig vir binêre en multikomponent organiese stelsels te kan bereken, die teorie van reaksie-ewewig toe te pas vir die bepaling van die opbrengs van 'n chemiese reaksie en die ewewig van ioniese stelsel wat in hidrometallurgiese prosesse voorkom te kan bereken.

Voorvereiste: CEMI221 en CEMI222

CEMI321 OORDRAGBEGINSELS II

3 uur

Na voltooiing van die module het die leerder kennis en insig om die Wet van Fick vir diffusie toe te pas ten opsigte van die opstel van skilbalanse en die oplossing daarvan vir beide gestadige en nie-gestadigde diffusieprobleme, die begrip massa-oordragkoeffisiënt, gebaseer op modelle en die aanwending vir die ontwerp van massa-oordragproesse, te verklaar, die massa-oordragkoeffisiënt te bepaal vir oordrag in 'n grenslaag oor 'n plaat, vir vloeï oor sferes, silinders en gepakte materiale, die analogie tussen massa, momentum en warmte-oordrag te gebruik vir die bepaling van oordragstempo's.

Voorvereiste: CEMI212 en CEMI223

CEMI322 SKEIDINGSPROSESSE I

3 uur

Na die voltooiing van die module het die leerder kennis en insig om skeidingsproesse te kan selekteer vir die skeiding van gas-vloeistofmengsels, die relevante chemiese ewewigverwantskappe te kan selekteer vir die skeiding van gasvloeistofstelsels met behulp van veral distillasie en absorpsie, die basiese beginsels van distillasie en absorpsie te gebruik vir die skeiding van binêre en multikomponentmengsels en gevorderde rekenaarprogramme te kan gebruik vir die ontwerp van industriële tipe multikomponent distillasie- en absorpsiekolomme.

Voorvereiste: CEMI313

CEMI323 CHEMIESE REAKTORTEORIE I

3 uur

Na voltooiing van die module het die leerder kennis en insig om chemiese ewewigsberekening te kan uitvoer vir menigvuldige reaksiestelsels wat meer as een fase kan bevat en volume verandering tydens reaksie insluit, die teorie van die kinetika van homogene reaksies kan aanwend vir reaksiestelsels van industriële belang, die teorie van die kinetika van homogene reaksies kan aanwend om ook katalitiese reaksies te hanteer, die behoudsvergelykings vir enkellading en vloeï reaktore kan gebruik vir die ontwerp van isotermiese en nie-isotermiese ideale reaktore, eenvoudige modelle vir die nie-ideale vloeï kan gebruik om die omsetting in 'n nie-ideale reaktor te voorspel, modelle te ontwikkel om die vloeïpatroon binne 'n reaktor te voorspel en kinetika kan ontwikkel vir heterogene stelsels wat hoofsaaklik katalitiese oppervlaktes insluit.

Voorvereiste: CHEN212 EN CEMI212

CEMI327 AANLEGONTWERP I

3uur

Na voltooiing van die module het die leerder kennis en insig om met behulp van moderne inligtingsbronne inligting te kan opspoor en dokumenteer, 'n konsepontwerp van 'n aanleg te kan voltooi van basiese beginsels met 'n ekonomiese evaluering, gevorderde toerusting met behulp van ASPEN- en USIMPACK-programme kan ontwerp en 'n proses ontleding te kan voltooi en om hoëdruk toerusting te kan ontwerp met die gebruik van basiese sterkteleer beginsels.

Voorvereiste: CEMI212 EN CEMI222

Nuwevereiste: Vlak 3 CEMI modules

CEMI371 VAKANSIEOPLEIDING SENIORS

Bywonend (Nywerhede: verslag)

Hierdie is 'n verpligte bywoningsmodule vir 'n tydperk van ten minste ses weke gedurende die vakansie. Leerders word gedurende dié vakansie-opleiding blootgestel aan die daaglikse bedryf van 'n toepaslike aanleg, installasie of laboratorium. Nadat die leerder by die daaglikse bedryf van 'n aanleg, installasie of laboratorium betrokke geraak het en tipiese ingenieursprobleme wat verband hou met die werksplaas, onder leiding van 'n ingenieur in beheer, ondersoek het sal die leerder 'n volledige tegniese verslag kan saamstel en indien. Die leerder verkry kennis oor die bedryf van 'n chemies/minerale aanleg ten opsigte van kulturele, tegniese, dissiplinêre en personeelaspeke. Hy/sy sal ook kennis van die belangrikheid van veiligheid in die nywerheid hê. Na voltooiing van die module het die leerder kennis en insig om sy/haar plek te kan volstaan in die nywerheid en veiligheidsmaatreëls in die werksomgewing te kan toepas.

'n Beroepsveiligheidskursus (NOSA) moet (verkieslik gedurende die tweede studiejaar voor die aanvang van die praktiese opleiding) by die Universiteit voltooi word.

Voorvereiste: MEG1271

CEMI411 SKEIDINGSPROSESSE II

3 uur

Na voltooiing van die module het die leerder kennis en insig om met behulp van tridiagonale diagramme die aantal stadia te bepaal wat nodig is in 'n vloeistof-vloeistof ekstraksiestelsel, met behulp van die basiese beginsels van ionruilingsmeganismes die harsbesetting, limietkapasiteit en bedvolumes van 'n ionruiling sisteem te kan bepaal, en basiese skeidingskonfigurasies daar te stel en berekeninge te kan doen om koste en energieverbruik te minimeer, Pourbaixdiagramme te kan teken en interpreteer vir verskeie stelsels, en dan logingsreaksies en prosesse te kan opstel en verklaar, presipitasie as metaalherwinningsproses kan toepas en elektroherwinning van metale te kan verklaar en die nodige berekeninge te doen. Die leerder sal die eenheidsprosesse in watersuiwering en afvalwaterherwinning ken en berekeninge daarvoor kan doen en kennis oor membraanstrukture, vervaardiging en prosesse hê en die beginsels vir die aanwending van membrane te verstaan.

Voorvereiste: CEMI313

CEMI412 PARTIKELSTELSLS

3 uur

Na voltooiing van hierdie module het die leerder kennis en insig om populasies van partikels te kan beskryf in terme van fisiese en chemiese eienskappe, siwwe of ander apparaat te ontwerp om partikels op grond van grootte en/of digtheid te klassifiseer, stelsels te ontwerp wat partikels stoor en vervoer, flodders te beskryf in terme van fisiese eienskappe, soos digtheid en viskositeit, mengvate, pompe en pypstelsels te ontwerp vir flodders, uitskotdamme te omskryf en ontwerp, uitsakdamme, verdickers, filterstelsels, termiese droërs en sentrifuges te ontwerp, die bedryfsbeginsels van klassifiseerders te beskryf en kwantifiseer, die praktiese bedryfsaspekte van al die bogenoemde prosesse te beskryf, asook die koppeling en die verbande tussen die prosesstappe te verstaan en die gebruik van laboratoriumtoerusting en eksperimente te bemeester om inligting oor die bogenoemde prosesse te verkry met die doel om prosesse te ontwerp en optimeer.

Voorvereiste: CEMI212

CEMI413 CHEMIESE REAKTORTEORIE

3 uur

Na voltooiing van die module het die leerder kennis en insig om reaktore te kan ontwerp vir veelvuldige, parallelle en serie reaksies, 'n reaktor te kan ontwerp vir 'n heterogene katalitiese reaksie met komplekse reaksie kinetika, reaktore vir reaksies met deaktiverende en vergiftigde kataliste te kan ontwerp, reaktorregeneratorsisteme te kan ontwerp vir deaktiverende kataliste, reaktore te kan ontwerp vir nie-katalitiese heterogene reaksies, reaksie tenks en torings te kan ontwerp vir gasvloeistof reaksies, multifase reaktore te kan ontwerp en ontbrandingblussing kurwes te kan opstel en analiseer.

Voorvereiste: CHEN212 EN CEMI212

CEMI414 PROSESBEHEER

3 uur

Na voltooiing van die module het die leerder kennis en insig om gevorderde beheerstelsels soos kaskade beheer, vorentoevoer beheer, GM beheer, verhoudingbeheer, ens. te implementeer. Die leerder kan beheerstrategie vir verskillende eenheidsprosesse implementeer. Multi-veranderlike prosesse te ontleed ten opsigte van gedrag en die ontwerp van beheerstelsels. 'n Beheerstrategie te ontwikkel vanaf basiese beginsels vir 'n aanleg.

Voorvereiste: CEMI212

CEMI416 AANLEGBEDRYF

3 uur

Na voltooiing van hierdie module het die leerder kennis en insig om 'n volledige verliesbeheer-, betroubaarheids- en instandhoudingsanalise en oudit vir 'n aanleg te kan uitvoer, 'n volledige omgewingsimpakanalise en oudit te kan voltooi vir nuwe en bestaande aanlegte, 'n aanleg te kan ontwerp en bedryf met inagneming van regsaspekte, 'n volledige ekonomiese evaluering van 'n aanlegontwerp te kan opstel, 'n projekbestuursplan vir veral aanlegoprigting en bedryf te kan opstel en optimeringstegniese te kan gebruik vir optimering van aanlegontwerp en bedryf soos produksie en energie-integrasie.

Voorvereiste: CEMI327

CEMI418 ERTSBEREIDING

3 uur

Na voltooiing van hierdie module het die leerder kennis en insig om die sintese van mineraalaanlegte te verstaan en uit te voer, en om aanlegte en prosesseenhede te simuleer m.b.v. beskikbare rekenaarpakkette, beginsels van skeidingsewewig en -kinetika, prosesbeheer, tegno-ekonomiese evaluasies op mineraalprosesse toe te pas, die vrystelling van minerale uit erts te verstaan, te modelleer en om malingskringlope te ontwerp, die bedryfsbeginsels van skuimflotasie, ertssorteerders, gravitasieskeiers, digtemediumskeiers, magnetiese skeiers, en elektrostatiese skeiers te beskryf en kwantifiseer, en om sulke prosesse te ontwerp, die bedryf, beginsels en ontwerp van steenkoolbereidingsaanlegte te verstaan en uit te voer, asook die koppeling en die verbande tussen die prosesstappe te verstaan en die gebruik van laboratoriumtoerusting en eksperimente te bemeester om inligting oor die prosesse te verkry met die doel van ontwerp en optimering.

Nuwevereiste: CEMI412

CEMI419 PIROMETALLURGIE

3 uur

Na voltooiing van die module sal die leerder kan onderskei tussen oksied/nie-oksied en suur/basies/neutrale vuurvaste materiale, om oonde op 'n klassifikasiesistelsel te kan bespreek en eenvoudige oondkonstruksie te kan maak uit beskikbare gegewens, om toepaslike pirometallurgiese probleme sinvol te kan oplos, met behulp van Ellingham- en Kellogg-diagramme voorspellings oor pirometallurgiese bedryfskondisies kan maak, te onderskei tussen verskillende ertsvoorbereidingsprosesse, om die direkte en smeltreduksieproses vir hematiet te verstaan en sinvolle vrae en probleme oor die proses te kan vra en doen. Die leerder sal die reduksie van koperertse, die karbotermiese reduksie van ferro-legerings en die elektrolitiese reduksie van alumina kan beskryf, vergelykings op kan stel en berekeninge kan doen, die begrip distillasie toe te pas op chloriedmetallurgie en uit die dampdruk van metale die moontlikheid van sinkproduksie te kan bepaal. Die leerder sal selfstandig 'n pirometallurgiese onderwerp instudeer, 'n verslag kan opstel oor die onderwerp en bespreek in die klas.

Voorvereiste: Geen

CEMI427 AANLEGONTWERP II

Verslag en mondeling

Na voltooiing van die module het die leerder kennis en insig om 'n literatuurstudie te onderneem om agtergrondinligting in te samel wat relevant is tot die projek, beskikbare tegnologie te beoordeel en te besluit watter tegnologie die mees toepaslike is, volgens beskikbare metodes 'n proses vas te stel om vanaf sekere grondstowwe 'n produk te lewer, verskeie klasse tegno-ekonomiese evaluasies uit te voer op die projek, ander aspekte van prosesontwerp te ondersoek, soos omgewing, veiligheid, prosesbeheer, ens., massabalans en energiebalans op te stel, te ontwikkel, en te optimeer, volledige toerustingontwerp te kan voltooi, 'n volledige dokument (met 'n bestuursopsomming) saam te stel om die ontwerp te beskryf, motiveer en verdedig en 'n professionele mondeling aanbieding te kan doen.

Voorvereiste: Leerder moet finalejaar wees en graad kan voltooi; CEMI327

CEMI429 PROJEK

Verslag

Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die kennis van die leerder oor 'n eksperimentele ondersoek of 'n rekenaargeoriënteerde berekening oor 'n relevante onderwerp (chemies of metallurgies) lei tot die sinvolle sintese van die leerder se projek. Die ondersoek bestaan uit 'n literatuurondersoek; beplanning en uitvoering van eksperimente en/of berekeninge; verwerking en interpretasie van data; 'n volledige skriftelike verslag; 'n mondelinge aanbieding en die verpligte bywoning van 'n reeks seminare. Die leerder sal in staat wees om die identifisering van 'n navorsingsprobleem te doen; die gebruik van literatuur en ander bronne van inligting bemeester; die beplanning te doen en 'n laboratoriumondersoek te loods; die gebruik van erkende navorsingsmetodologie toe te pas en die skriftelike en mondelinge rapportering van navorsingsresultate te kan onderneem.

Voorvereiste: Leerder moet finalejaar wees en graad kan voltooi

CEMI611 = CEMI411 SKEIDINGSPROSESSE II

CEMI612 = CEMI412 PARTIKELSTELSELS

CEMI613 = CEMI413 CHEMIESE REAKTORTEORIE II

CEMI614 = CEMI414 OORDRAGBEGINSELS

CEMI615 = CEMI415 PIROMETALLURGIE I

CEMI 621 = CEMI421 PROSESBEHEER II

CEMI624 = CEMI424 PIROMETALLURGIE II

CEMI625 = CEMI425 ERTSBEREIDING

CEMI629 = CEMI429 PROJEK

CMKI311 INGENIEURSKOMMUNIKASIE

2 uur

Na voltooiing van die module het die leerder kennis om in die ingenieursomgewing doeltreffend mondeling te kommunikeer, vertrouwd wees met verskillende vorme van skriftelike kommunikasie, geoefend wees in die gebruik van leesbaarheidsmetings en ander hulpmiddels, resultate van ondersoeke op 'n aanvaarbare wyse in die vorm van tegniese verslae kan rapporteer en vergaderings kan lei volgens erkende prosedures.

Voorvereiste: Geen.

CMKI411 PROFESSIONELE PRAKTYK

Bywoningsmodule

Na voltooiing van die module het die leerder kennis en insig in die toepassing van die "wetenskaplike metode" en die begrippe kreatiwiteit, rasionaliteit, metode, analise, abstraksie, teorie, heuristiek, hipotese verifikasie en falsifikasie kan artikuleer, die agt stappe benodig vir die definiëring van 'n probleem kan toepas, vertrouwd wees met die opstel van Gantt, PERT en CPM kaarte, die beplanning van 'n eksperimentele ontwerp kan onderneem, bronverwysing korrek kan gebruik en die skryf van navorsingsverslae en joernaalartikels en die maak van plakkate bemeester.

Voorvereiste: CMKI311

EECI121 COMPUTER ENGINEERING I

This course is presented as EERI121 on the Potchefstroom campus and as EECI121 as part of the joint venture between UNISA and Telematic Learning Systems of the Potchefstroom University.

3 hours

After successful completion of the module the learner will have knowledge of the basic theory about Binary calculations, Boolean algebra and minimization, Karnaugh map minimizations, gates and their timing properties. A wide variety of combinational circuits, such as decoding and encoding, mathematical circuits etc. Flip-flops and their timing aspects, state machine design, time-division multiplexing, A/D & D/A circuits and their interfacing, memory systems and microcomputer structures, busses and timing signals, codes such as ASCII, Grey and EBCDIC. Introduction to programmable logic, introduction to technology used in implementing logic circuits such as CMOS, TTL and programmable logic technology used in PAL, GAL, CPLD and FPGA. Handling of designs in computerised design environments. The learner will be able to apply the theory for analyses, evaluation, consultation, simulation, synthesis and troubleshooting of circuits and systems of circuits. He/she will also be able to use high level software routinely in industrial product development.

Prerequisite: None

EEII321 KRAGSTELSELS I

3 uur

Die leerder verwerf in hierdie module die vermoë om kragstelsel berekeninge te kan uitvoer, die elementêre drywingsfunksies te definieer en te gebruik, transmissielyn stelsels te ontleed en tyde-diskriminasie proteksiebane te ontwerp. Die vaardighede wat ontwikkel word in hierdie module dien as inleiding tot kragstelselsintese, waar die afsonderlike komponente van kragstelsels bymekaar gevoeg word en gesamentlik ontleed word om die bevredigende werking van kragstelsels te toets.

Voorvereiste: EERI221; EERI311

EEII327 ELEKTRIESE ONTWERP

3 uur

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module kan die leerder as medewerker 'n ontwerp volgens 'n gevraagde spesifikasie voltooi, die resultate in die vorm van 'n simulasie of hardware of albei en 'n demonstrasie aanbied asook 'n verslag saamstel. Die leerder verwerf in hierdie module verder die vermoë om 'n probleem te analiseer; 'n gebruikersbehoeftestelling en 'n tegniese spesifikasie op te stel; 'n ontwerp te kan doen en implementeer wat aan die tegniese spesifikasie voldoen en wat kennis uit verskillende vakdisiplines kombineer in die sinteseproses; 'n toetsplan op te stel en om vas te stel of die implementering aan die tegniese spesifikasie voldoen; 'n verslag op te stel wat 'n beskrywing gee van die probleemstelling, die spesifikasie, die ontwerp, die implementering sowel as die toetsresultate en om die resultate aan 'n tegniese gehoor voor te dra.

Voorvereiste: Moet jaarvlak 3 kan voltooi.

EEII411 KRAGSTELSELS II

3 uur

Hierdie module bied die leerder die kennis om analitiese oplossing van lineêre algebraïese vergelykings in die oplos van drywingsvloei-probleme te gebruik. Voorts word kennis bekom in simmetriese en onsimmetriese foute, oorgangstabilditeit, kragstelselbeheer, energiever spreiding, transmissielyste oorgangsgedrag en oorgangstabilditeit. Na suksesvolle voltooiing van die module sal die leerder in staat wees om drywingsvloei-berekeninge met Jacobi, Gauss-Seidel en Newton-Raphson metodes te doen; simmetriese en onsimmetriese foutanalises te kan uitvoer. Die leerder sal kragstelselbestuur deur die beheer van die generatorspanning, die turbinespoed, lasfrekwensie en energie-bestuur kan doen en transmissielyste oorgangsgedrag en stabilditeit met die gelyke-oppervlakte- en swaivergelykingmetode kan analiseer.

Voorvereiste: EEI1321

EEI1412 ELEKTROMAGNETIKA III

3 uur

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module beskik die leerder oor genoegsame kennis van elektromagnetika om stralingspatrone van antennes numeries te bereken; transmissielyste, strooklyne en golfgeleiers as elektriese komponente te modelleer en om elektriese en magnetiese velde numeries in verskeie toepassings te bepaal. Verder sal die leerder bedrewe wees in die opstel en oplossing van vergelykings uit die elektromagnetika, hetsy analities of met numeriese metodes en om rekenaarpakkette te gebruik in die oplos van probleme uit die elektromagnetika.

Voorvereiste: FSKN311

EEI1421 DRYWINGSELEKTRONIKA

3 uur

In hierdie module verwerf die leerder kennis oor drywingskakelaars, dryfbane, demperbane, hitteput-ontwerp, skakelaartopologie en moderne drywingselektroniese stelsels en toepassings. Met suksesvolle afhandeling van die module, sal die leerder in staat wees om met moderne drywingselektronika te ontwerp, analise, simulase en ontwikkeling van beheerders vir gelykstroom- en induksiemasjiene te doen. Vaardigheid in die ontwerp, analise simuleer en ontwikkeling van skakelmodekragbronne, wisselspanning drywingbeheerders, ononderbreekbare kragbronne, transmissievlaktoepassings en implikasies word bekom. In die ontwerp en simulasielyste word vaardigheid in die gebruik van PSPICE ontwikkel, klem word gelê op die opstel van wiskundige ontwerpvergelykings gebaseer op die ekwivalente baanmodelle van die toepaslike drywingselektronika en -stelsel.

Voorvereiste: EERI321

EEI1611 KRAGSTELSELS II = EEI1411 KRAGSTELSELS II

EERI111 INLEIDING TOT INGENIEURSWESE

Bywoning

In hierdie module word die leerder blootgestel aan verskeie aspekte rakende die ingenieursprofessie in geheel. Aan die einde van hierdie module sal die leerder bewus wees van die plek en die rol van die ingenieur in die nywerheid asook die breër samelewing. Die leerder sal kennis dra oor die aard van die ingenieur se opleiding en take wat deur die tipiese ingenieur in die praktyk vervul sal moet word (onder andere navorsing, ontwikkeling, ontwerp

en instandhouding). Die leerder sal ook die impak wat professionaliteit op sy werks- en lewenswyse sal hê, begryp. Na suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die leerder basiese vaardighede in die proses van ingenieurswese (veral in kreatiewe denke en ontwerpvaardighede) ontwikkel het.

Voorvereiste: Geen

EERI121 REKENAARINGENIEURSWESE I

Hierdie module word as EERI121 op die Potchefstroomkampus en as EEI121 as deel van die gesamentlike program tussen UNISA en die PU vir CHO Telematiese Leer Sisteme aangebied.

3 uur

Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module beskik die leerder kennis oor binêre rekene, Boolese-algebra en vereenvoudiging, Karnaughkaart vereenvoudiging, hekke en hulle tydeenskappe asook kennis van verskeie kombinatoriese stroombane soos byvoorbeeld dekodering en enkodering en wiskundige stroombane. Die leerder dra ook kennis van Sinchrone bane, o.a. wipbane en hulle tydeenskappe, willekeurige kringloop tellerontwerpe (toestand masjien ontwerp), tyd-divisiemultipleksing, A/D en D/A omsetters en koppeling, geheue stelsels en mikrorekenaar strukture, busse en tydseine en kodes soos ASCII, Grey, EBCDIC. Met suksesvolle afhandeling van hierdie module sal leerders al bogenoemde teorie ken en kan hanteer ten opsigte van analise, evaluasie, raadgevende praktyk, simulasie, sintese en foutsporing in stroombane en stelsels van stroombane. Leerders sal vertrou wees en in staat wees om hoëvlak sagteware vir industriële produkontwikkeling te gebruik.

Voorvereiste: Geen

EERI211 REKENAARINGENIEURSWESE II

3 uur

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die leerder in staat wees om die verskil tussen verskeie mikroverwerkers en algemene mikroverwerkers soos die Intel 80x86 familie, te identifiseer en evalueer asook om die verskil tussen von Neuman en Harvard argitektuur te identifiseer en evalueer. Verder sal die leerder die vermoë besit om verskeie hardeware te kan spesifiseer en ontwerp met betrekking tot 'n gegewe taak en die gepaardgaande verskeie sagteware te kan ontwerp en kodeer vir 'n gegewe taak in masjientaal of C. Die leerder sal gebruik kan maak van IN en UIT koppelvlakke op spesifikasie-, ontwerp- en programmeervlak en sal sagteware kan ontwikkel vir beide 'polled' en onderbrekingsgedrewe stelsels. Die leerder sal ook adresruimtes optimaal benut teenoor beide spasie en spoed kriteria.

Voorvereiste: EERI121; WISK111; WISK121; WISK122; FSKN111; FSKN121 en FSKN123

EERI212 ELEKTROTEGNIK

3 uur

Die leerder verwerf in hierdie module die vermoë om die wette van puntelement netwerke te gebruik om weerstandnetwerke en meer algemene wisselstroomnetwerke met verskillende tegnieke op te los. Die leerder ontwikkel die vermoë om verskeie golfvormingsstroombane te ontwerp en te analiseer. Drywingsberekeninge en fasorvoorstellings word ook toegepas in die oplos van tipiese probleme.

Voorvereiste: WISK111; WISK121; WISK122; FSKN111; FSKN121 en FSKN123

EERI221 ELEKTRIESE STELSELS I

3 uur

Aan die einde van hierdie module het die student sy/haar kennis van basiseenhede en afgeleide eenhede gekonsolideer. Die leerser kan die per-eenheidstelsel van meting gebruik om probleme op te los asook die fundamentele beginsels van elektrisiteit, meganika en hitte. Die modelle van gelykstroombasiese en transformators word afgelei in terme van die stroombaanwette. Die werking van masjiene onder gestadigde toestande word analiseer met behulp van elektriese netwerkteorie. Elektriese netwerkbeginsels en aktiewe, reaktiewe, komplekse drywing in enkel- en drie-fase lineêre netwerke sal in die gestadigde toestand begryp word. Die gestadigde toestand werking van enkel- en drie-fase netwerke sal ook wiskundig geanaliseer kan word. Verskeie spesiale masjiene sal ook vir toepassings gespesifiseer kan word.

Voorvereiste: WISK121; WISK122; FSKN111; FSKN121; FSKN123 en EERI212

EERI222 SEINTEORIE I

3 uur

Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module, sal die leerder vaardig wees in die beskrywing van basiese seine met behulp van wiskundige funksies, asook die analise van seine met behulp van die Fourier reeks uitbreiding en die Fourier transform. Verder sal die leerder vaardig wees in die analise van lineêre tyd-onafhanklike stelsels, beide in die tyd en frekwensie-vlakke met die doel om die stelsel se gedrag en response op arbitrêre inset seine te kan bereken. Die leerder sal ook oor die vermoë beskik om lae orde passiewe Butterworth laaglaag- en hooglaagfilters te kan ontwerp.

Voorvereiste: EERI212; TGWS211; TGWS212; WISK212 en WISK222

EERI223 ELEKTRONIKA I

3 uur

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module beskik die leerder oor kennis oor operasionele versterkers en basiese analoog versterker bane. Die leerder verwerf in hierdie module die vermoë om halfgeleierfisika te gebruik om eienskappe van pn-vlakke te bepaal. Die leerder ontwikkel die vermoë om die modelle van komponente in konfigurasies te gebruik, om analoog versterkers te ontwerp, en operasionele versterkers te gebruik om algemene analoog funksies te bewerkstellig.

Voorvereiste: EERI212; FSKN111; FSKN121; FSKN123; WISK121; WISK122 en WISK212

EERI227 LINEÊRE STELSELS

1,5 uur

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module verwerf die leerder die vermoë om analoog stroombane te analiseer deur van die Laplace transform, asook van die konvolusie integraal gebruik te maak en om die oordragfunksie van analoog stroombane te bepaal. Hy/sy verwerf ook die vermoë om te kan besluit wanneer moet watter tegniek gebruik word.

Voorvereiste: EERI212; WISK212 en WISK222

EERI311 ELEKTRIESE STELSLS II

3 uur

Die leerder verwerf in hierdie module die vermoë om magnetiese bane met nie-lineêre elemente te kan oplos, elektriese masjiene te spesifiseer en elektromagnetiese drywingsomskakeling beginsels te gebruik om wiskundige modelle van masjiene op te stel. Die leerder sal ook die dinamiese gedrag van elektriese masjiene soos dit in die praktyk voorkom kan bepaal, wikkelyngskonfigurasies, met inbegrip van ruimte en tyd harmonieke, kan intrepeteer en sinchrone masjiene in parallel met ander sinchrone masjiene kan bedryf.

Voorvereiste: EERI212; EERI221 en WISK221

EERI312 SEINTEORIE II

3 uur

Aan die einde van hierdie module het die leerder sy/haar kennis van ten opsigte van seinteorie uitgebrei deur die ontwerp van analoogfilters volledig te bestudeer. Die leerder ken die eienskappe van verskeie benaderingsfunksies vir filterontwerp, sowel as tegnieke om die benaderingsfunksies prakties te implementeer. Na suksesvolle voltooiing van hierdie module verwerf die leerder die vermoë om aktiewe stroombane te analiseer; om Bode-diagramme van stroombane te plot; om tussen verskillende tipe analoogfilters te onderskei en om analoogfilters te ontwerp deur van verskillende benaderingsfunksies gebruik te maak. Die leerder verwerf ook die vermoë om die benaderingsfunksies op verskeie maniere met praktiese komponente te implementeer.

Voorvereiste: EERI222

EERI321 BEHEERTEORIE I

3 uur

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module beskik die leerder oor genoegsame kennis van beheerteorie om beheerstelselkomponente te modelleer; bestendige fout en oorgangsgedrag te bepaal; stabiliteitsanalise uit te voer; frekwensierespons voor te stel en toe te pas; beheerders te ontwerp, beheerstelsels te simuleer en stelsels met behulp van toestandsveranderlikes te modelleer. Die leerder is bedrewe in die opstel en verwerking van blokdiagramme, modellering van stelsels, bepaling van bestendige fout en oorgangsgedrag, stabiliteitsanalise met die Routh-Hurwitz-metode en wortellokus, frekwensieresponsvoorstelling met Bodediagramme en andere, ontwerp van beheerders met poolplasing en frekwensievlakmetodes, verifiëring met simulasie, modellering en beheer van stelsels met toestandsveranderlikes.

Voorvereiste: EERI212

EERI322 ELEKTRONIKA II

1,5 uur

Aan die einde van hierdie module ken die leerder gevorderde standaard konfigurasies van aktiewe komponente en het die vermoë bemeester om die frekwensie- en tydgedrag van elektroniese bane te bepaal. Die leerder ken terugvoer-, veeltrap- en drywingsversterkers. Die leerder ken die toepassing van gevorderde konfigurasies soos van toepassing is op geïntegreerde bane. Die leerder verwerf in hierdie module die vermoë om gevorderde bane te ontwerp en analiseer met inbegrip van die frekwensie- en tydweergawe. Die leerder is in staat

om terugvoer-, veeltrap- en drywingsversterkers te ontwerp en analiseer soos van toepassing op geïntegreerde bane.

Voorvereiste: EERI223

EERI 323 INGENIEURSPROGRAMMERING I

1,5 uur

Na die suksesvolle voltooiing van die module is die leerder bekend met die hoofelemente van die C++ programmeringstaal. Hierdie kennis behels ook die algemene beginsels van objekgeoriënteerde programmering, nl. objekte, klasse, oorerflikheid (inheritance) en polimorfisme. Verder sal die leerder kennis dra van die verskillende gebiede in ingenieurswese waar C++ programmatuur gebruik word. Die leerder sal ook vertrouwd wees met programmeringsmetodes toepaslik op sekere probleemoplostegnieke, bv. simulaties en modellering. Die leerder sal in staat wees om sy kennis te kan toepas om ingenieursprobleme op te los, deur programme te ontwikkel in die C++ programmeringstaal. Verder sal die leerder in staat wees om programme vir simulaties as tegniek te gebruik om probleme en oplossings na te vors. Die leerder sal kan evalueer watter tipe program en programmeringselement gebruik moet word om 'n seker probleem aan te spreek. Die leerder sal in staat wees om programmatuur te ontwikkel in ooreenstemming met goeie programmeringspraktyk.

Voorvereiste: ITRW119/ITRW129; EERI121 en EERI211

EERI371 VAKANSIEOPLEIDING SENIORS

Bywonend (Nywerhede: verslag)

Hierdie is 'n verpligte bywoningsmodule vir 'n tydperk van ten minste ses weke gedurende die vakansie. Leerders word gedurende dié vakansie-opleiding blootgestel aan die daaglikse bedryf van 'n toepaslike aanleg, installasie of laboratorium. Tipiese ingenieursprobleme wat verband hou met die betrokke werksplek of instansie, moet onder die leiding van 'n ingenieur in beheer, ondersoek word. Na suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die leerder 'n begrip te hê van die vaardighede waaroor 'n professionele ingenieur moet beskik, die proses van ingenieurswese en probleemoplossing beter verstaan, sy/haar plek in die nywerheid kan volstaan en veiligheidsmaatreëls in die werksomgewing kan toepas. 'n Beroepsveiligheidskursus (NOSA) word gedurende die tweede studiejaar, voor die aanvang van die praktiese opleiding in die nywerheid, by die Universiteit voltooi.

Voorvereiste: MEG1271

EERI411 BEHEERTEORIE II

3 uur

Na suksesvolle voltooiing van die module is die leerder bedrewe in die opstel en ontwerp van toestandsveranderlike terugvoer, die gebruik van die z-transform in die analise en ontwerp van beheerstelsels, stabiliteitsanalise met die metodes van Jury en Routh-Hurwitz, die ontwerp van digitale beheerders met behulp van frekwensierespons en poolplasing. Verder is die leerder in staat om ontwerpe deur simulasie te verifieer.

Voorvereiste: EERI 321

EERI412 ELEKTRONIKA III

3 uur

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die student kennis beskik oor die verskillende vorme van ruis in elektroniese stroombane, sowel as die gedrag van die bipolêre voegvlak transistor by radio frekwensies. Die suksesvolle student sal verder ook vaardig wees in die analise en ontwerp van stabiele analoog elektroniese stroombane (onder andere lineêre, kwasi-lineêre en nie-lineêre stroombane en versterkers); hoë orde aktiewe filters; ossillators; radio-frekwensie filters en verlieslose impedansie aanpassing netwerke m.b.v. beide algebraïese tegnieke en die Smith-kaart.

Voorvereiste: EERI322

EERI414 PROFESSIONELE PRAKTYK

Bywonend

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module beskik die leerder oor genoegsame kennis om verbaal en skriftelik te kommunikeer. Die leerder word ook aan basiese arbeidsreg, kontrakte en die verhouding tussen die professionele ingenieur, werkgewers en kontrakteurs blootgestel. Die leerder moet ookspesifikasies kan opstel en interpreteer. Die leerder moet verder die beginsels van effektiewe bestuur binne die nywerheidsomgewing kan gebruik en toepas.

Voorvereiste: CMK1311

EERI419 PROJEK

Projekverslag en 1 uur mondeling

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die leerder in staat wees om die eerste deel van die wetenskaplike ontwerpmetode of die proses van ingenieurswese uit te voer. Dit behels die formulering van die probleem in tegniese terme, die verdeling daarvan in subprobleme en die stel van die subprobleme in algemene terme, hulpmiddels soos die internet en die biblioteek te gebruik om relevante inligting te soek, effektief en doeltreffend oor die voorstudie van 'n projek verslag te doen en 'n projek kan beplan.

Voorvereiste: EERI311; EERI312; EERI322; EERI327; REI1321; REI1327 en EERI421

EERI421 SEINTEORIE III

3 uur

Met hierdie module brei die leerder sy/haar kennis van seinteorie uit deur syferseinteorie te bestudeer. Die leerder ken die eienskappe van diskrete tydstelsels, kan diskrete tydstelsels analiseer deur van die z-transform gebruik te maak en kan diskrete tydstelsels op verskeie maniere realiseer. Die leerder kan ook die frekwensie inhoud van diskrete tyd op verskeie maniere bepaal en diskrete tydfilters ontwerp.

Voorvereiste: EERI312

EERI422 TELEKOMMUNIKASIESTELS

3 uur

Na afloop van hierdie module moet die suksesvolle student kennis dra oor die basiese teoretiese beginsels waarop moderne radio en optiese kommunikasiestelsels gefundeer is. Verder moet die student die verskillende radio en optiese kommunikasie standaarde ken en teenoor mekaar kan opweeg. Verder sal die student daartoe instaat wees om radio-frekwensie kommunikasie-stelsels en hul boublokke te kan karakteriseer, analiseer en ontwerp (o.a. sellulêre kommunikasie netwerke, ontvanger en transmissie stroombane, mengers en lae-ruis versterkers, fasesluit lusse en frekwensie sintetiseerders). Die student sal ook vaardig wees in die analise van optiese kommunikasie netwerke.

Voorvereiste: EERI421

EERI429 PROJEK

Projekverslag en 1 uur mondeling

In hierdie module verifieer die leerder die voorspelde resultate van EERI411 deur van metings en/of simulاسies gebruik te maak soos wat ooreengekom was met die betrokke projekdosent.

Na voltooiing van hierdie module sal die leerder in staat wees om die tweede deel van die wetenskaplike ontwerpmetode of die proses van ingenieurswese uit te voer. Dit behels die soeke na verbeeldingryke oplossings vir subprobleme en die integrasie van die oplossings tot 'n geheel. Die leerder sal ook effektief en doeltreffend oor 'n ingenieursprojek verslag doen, in die vorm van 'n skriftelike verslag, 'n mondelinge voorlegging en 'n plakkaataanbieding. Ook die bestuur van 'n projek word bemeester. Dit behels die beplanning van die projek, die nakoming van doelwitte, gereelde terugvoer aan die projekteier en die boekhou van uitgawes.

Voorvereiste: EERI311; EERI312; EERI322; EERI327; REII321; REII327 en EERI421

Newevevereiste: Leerder moet finalejaar wees en graad kan voltooi

EERI611 BEHEERTEORIE II = EERI411 BEHEERTEORIE II

EERI612 ELEKTRONIKA III = EERI412 ELEKTRONIKA III

EERI614 BEHEERTEORIE II = EERI411 BEHEERTEORIE II

EERI629 PROJEK = EERI429 PROJEK

MASI21 MATERIALS SCIENCE I

TLS 3 uur

This course is presented as MATI121 on the Potchefstroom campus and as MASI21 as part of the joint venture between UNISA and Telematic Learning Systems of the Potchefstroom University.

After completion of this course the learner will be able to evaluate the most important engineering materials with regard to their applicability in industry and apply knowledge of electrochemistry to combat corrosion of materials. This includes knowledge of materials and engineering, structural properties of metals, ceramics, polymers and composite materials; elementary study of phase diagrams; mechanical properties of materials; electrical properties of materials; magnetic properties of materials; comparative study of metals, polymers, ceramics and composite materials.

Prerequisites: None

MAT1121 MATERIAALKUNDE I

3 uur

Hierdie module word as MAT1121 op die Potchefstroomkampus en as MAS1121 as deel van die gesamentlike program tussen UNISA en die PU vir CHO Telematiese Leer Sisteme vanaf Julie 2000 aangebied.

Na die suksesvolle voltooiing van die module sal die leerder in staat wees om die belangrikste ingenieursmateriale te kan evalueer ten opsigte van hul toepasbaarheid in die industrie. en beginsels van die elektrochemie van metale in die bestryding van korrosie kan toepas.

Na afloop van hierdie module het die leerder kennis verkry oor materiale en ingenieurswese; strukturele eienskappe van metale, keramieke, polimere en saamgestelde materiale; elementêre studie van fase-diagramme gedoen; meganiese eienskappe van materiale bestudeer; elektriese en magnetiese eienskappe van materiale bestudeer; en vergelykende studies van metale, polimere, keramieke en saamgestelde materiale gedoen.

Voorvereiste: Geen

MAT1 212 INGENIEURSMATERIALE I

3 uur 1:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module, sal die leerder in staat wees om deur middel van fundamentele kennis van die eienskappe en die kenmerke van metale, geskikte legerings vir aanwending in stelsels te selekteer. Die leerder sal ook 'n fundamentele kennis van die beginsels van versterking van toepassing op metale verkry, en in staat wees om eenvoudige hittebehandelingsprosedures vir verdere evaluasie en verbetering van metaaleienskappe voor te stel.

Voorvereiste: MAT1121

MAT1 322 INGENIEURSMATERIALE II

3 uur 1:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module sal die leerder in staat wees om deur middel van 'n fundamentele kennis van die eienskappe en die kenmerke van keramieke en polimere, geskikte materiale van hierdie aard, vir aanwending in stelsels te selekteer. Die leerder sal ook 'n fundamentele kennis van vesel- en ander versterkingsmeganismes en die toepassing van sodanige kennis op saamgestelde materiale, verkry.

Voorvereiste: MAT1212

MAT1411 FALING VAN MATERIALE

3 uur

Na suksesvolle voltooiing van die module het die leerder kennis en insig om verskillende meganismes van faling in materiale te identifiseer; die voorkoming van faling (en korrosie) tydens ontwerp en bedryf uit gevallestudies, te verklaar; wrywing en slytasie te identifiseer en te beskryf en sinvolle berekeninge oor slytasie van onder andere polimere, elastomere en rubbers te doen; die meganiese falings wat in industriële ontwerpe voorkom te identifiseer en

te beskryf en in staat wees om berekeninge oor swigting, vermoeidheid, sterkte van metale en saamgestelde materiale, polimere en keramieke te kan doen. Leerders sal ook in staat gestel wordom die breukmeganika-benadering tot ontwerp teen bros- en vermoeidheidswigting te gebruik.

Voorvereiste: MATI322

MATI427 MATERIAALSELEKSIE EN ONTWERP

Verslag

Na suksesvolle voltooiing van hierdie kursuseenheid sal die leerder in staat wees om die verskillende prosedures toe te pas om ingenieursmateriale vir gegewe toepassings te selekteer, komponente te ontwerp deur middel van gestruktureerde en ongestruktureerde sintese van kennis oor materiaalseleksie, vormseleksie en prosesseleksie tesame met inligting oor ingenieursmateriale wat self bekom moet word, gebruik te maak van gepaste sagteware vir berekenings, modellering en simulاسie van materiale en hul eienskappe soos benodig vir ontwerpdoeleindes, effektief geskrewe te kommunikeer deurdat 'n volledige ontwerp met die klem op materiaalseleksie opgeskryf en voorgelê kan word en meer effektief in 'n multidisiplinêre omgewing in 'n span te werk en waar nodig ook leiding te neem.

Voorvereiste: MATI322; MATIR322; MEGI417; MEGI322; MEGI411 en MEGI412

MATI611 = MATI 411 FALING VAN MATERIALE

MATI612 = MATI212 INGENIEURSMATERIALE I

MATI 622 = MATI322 INGENIEURSMATERIALE II

MEGI111 INGENIEURSTEKENE I

Eksamen: Teorie 1 uur, prakties 3 uur

Hierdie module word as MEGI111 op die Potchefstroomkampus en as MNDI111 as deel van die gesamentlike program tussen UNISA en die PU vir CHO Telematiese Leer Sisteem vanaf Julie 2000 aangebied.

Na voltooiing van hierdie module sal die leerder in staat wees om gebruik te maak van basiese geometriese vorms om ontwerp oplossings te skep en te kommunikeer en tegniese ontwerpsose probleme op te los deur gebruikmaking van sketse, basiese tradisionele tekengereedskap en rekenaargesteunde ontwerpsose.

Voorvereiste: Geen

MEGI112 INLEIDING TOT INGENIEURSWESE

Bywonend

Hierdie is 'n verpligte bywoningsmodule van een periode per week in die eerste semester van die eerste studiejaar. In die module maak die leerder kennis met verskeie aspekte van Meganiese- en Materiaalingenieurswese deur middel van praktiese demonstrasies en voorbeelde. Die module bied ook 'n inleiding tot algemene aspekte van ingenieurswese soos onder andere die vaardighede waarvoor 'n ingenieur moet beskik en die proses van

ingenieurswese. Die samestelling van die kurrikulum in die graadkursus word ook uitgewys om aan te toon in welke mate die nodige ingenieursvaardighede ontwikkel sal word.

Na suksesvolle voltooiing van die module sal die leerder 'n begrip hê van die vaardighede waaroor 'n professionele ingenieur moet beskik, die proses van ingenieurswese te verstaan, bewus wees van die impak van ingenieurswese op die samelewing en die natuur en die belangrikheid van professionele en etiese gedrag te besef en verantwoordelikheid kan neem in ooreenstemming met sy/haar ondervinding.

Voorvereiste: Geen

MEG121 INGENIEURSTEKENE II

Eksamen: Teorie 1:30, prakties 4 uur

Hierdie module word as MEG121 op die Potchefstroomkampus en as MND121 as deel van die gesamentlike program tussen UNISA en die PU vir CHO Telematiese Leer Sisteem vanaf Julie 2000 aangebied.

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die leerder in staat wees om die ontwerpproses te beplan en deur te voer, detail geometriese modelle op rekenaar te skep en vervaardiging- en samestellingstekeninge voor te berei en ontwerp- en tenderdokumentasie op te stel.

Die leerder verwerf kennis oor gevorderde ingenieursgeometrie en konstruksie; driedimensionele rekenaargesteunde konstruksie; prethulp- en snitaansigte van soliedes; detail dimensionering en toleransies; basiese vervaardigingsprosesse; vashegtingsmetodes in vervaardiging; grafiese detail samestellings en tenderproses en dokumentasie.

Voorvereiste: MEG111

MEG211 STERKTELEER I

3 uur

Na suksesvolle voltooiing van hierdie kursus sal die leerder in staat wees om die fundamentele kennis van aksiale spanning, skuifspanning en buigmomente te gebruik tesame met spesialis kennis soos falingsteorieë om strukturele probleme te kan identifiseer en op te los, die kennis in die vak wat aangeleer is kreatief toe te pas om ontwerpprobleme op te los, eindige-element analise sagteware te kan gebruik in die oplossing van strukturele probleme, deur middel van die ontwerpverslag tegniese inligting te kan kommunikeer en effektief in 'n span saam te werk.

Voorvereiste: WISK121/122

MEG222 TERMODINAMIKA I

3 uur

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die leerder die basiese konsepte van meganiese termodinamika begryp en saam met die Eerste Wet en Tweede Wet kan gebruik om probleme vir geslote en oop sisteme op te los. Verder sal die leerder deur die uitvoer van twee praktika waargenome data kan analiseer en interpreteer en beter te verstaan hoe die fisiese gedrag van 'n sisteem en die abstrakte konsep met mekaar verband hou.

Voorvereiste: WISK211

MEGI227 MASJIENTONTWERP

3 uur

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die leerder in staat wees om die verskillende masjienkomponente soos nokke, reëlaars en kruiskoppelings te analiseer en te ontwerp deur die gestruktureerde en ongestruktureerde sintese van masjienontwerp kennis, rekenaar gereedskap soos Excel effektief te gebruik in die analise van masjienkomponente en meer effektief geskrewe te kommunikeer deurdat 'n tegniese verslag geskryf en voorgelê kan word.

Voorvereiste: MEGI111; MEGI121; TGWS121; TGWS122 en TGWS211

MEGI271 WERKSWINKELPRAKTYK VAKANSIEWERK

Bywonend (Nywerhede: verslag)

Na die suksesvolle voltooiing van die module sal die leerder kennis hê in die praktiese gebruik van basiese handgereedskap en vervaardigingstoerusting, soos sweisapparaat en verskeie masjineringsmasjinerie. Die leerder sal in staat wees om kleiner artikels wat aan die nodige afmeting- en afwerkingstandaarde voldoen, uit soliede plaatmetaal te vervaardig en handvaardig wees in die gebruik van dié vervaardigingstoerusting. Verder verweef die leerder kennis oor toerusting en regulasies vir die gebruik van elektriese stroombane in huishoudelike en industriële toepassings.

Die module word twee weke tydens wintervakansie van die eerstejaar geneem of na afloop van die eerste akademiese jaar by goedgekeurde instellings. 'n Verslag word ingelewer een week na die aanvang van die daaropvolgende semester.

Voorvereiste: Leerder moes 80% van die vlak 1-modules in die semester voor hy/sy die opleiding doen, geslaag het.

MEGI311 TERMODINAMIKA II

3 uur

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die leerders die kennis wat hulle verweef het oor drywings- en verkoelingskringlope, beskikbaarheid en onomkeerbaarheid, vogtige gas en lugmengsels, berekening van termodinamiese groothede, verbrandingsreaksies en metallurgiese termodinamika kan toepas op praktiese probleme, en drywings- en verkoelingskringlope met 'n sagteware pakket soos EES kan simuleer, 'n eenvoudige termostelsel ontwerp kan doen, die bevindinge van 'n ondersoek skriftelik aan 'n tegniese leser kan oordra en na aanleiding van die praktika waargenome data kan analiseer en interpreteer en beter te verstaan hoe die fisiese gedrag van die sisteem en die abstrakte konsep met mekaar verband hou.

Voorvereiste: MEGI222

MEGI312 STROMINGSLEER I

3 uur

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die leerder in staat wees om fundamentele kennis van die behoudswette en toestandsvergelykings tesame met spesialiskennis van vloeiermeganika toe te pas om stromingsleer probleme op te los. Die leerder sal in staat wees om basiese pypstelsels deur middel van gestruktureerde en ongestruktureerde sintese van vloeiermeganika kennis te ontwerp. Dit sluit die verwerking van addisionele inligting deur die leerder self (deur gebruik te maak van gepaste ingenieursgereedskap soos die

rekenaarpakkette Excel, EES en die spesialis vloeinetwerkoplosser, Flownet, om stromingsleerprobleme op te los en ontwerpe te doen) in. Verder word vaardighede in effektiewe geskrewe kommunikasie verwerf deurdat 'n ontwerp in die vorm van 'n geskrewe tegniese verslag voorgelê word.

Voorvereiste: MEG1222; WISK211 en WISK212

MEGI313 STERKTELEER II

3 uur

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die leerder in staat wees om fundamentele kennis van spannings, vervormings en verplasings tesame met spesialiskennis van sterkteleer toe te pas om sterkteleer probleme op te los, basiese komponente deur middel van gestruktureerde en ongestruktureerde sintese van sterkteleer kennis te analiseer en te ontwerp. Dit sluit die verwerwing van addisionele inligting deur die leerder self (deur gebruik te maak van gepaste ingenieursgereedskap soos die rekenaarpakkette Excel, Matlab en EES om sterkteleerprobleme op te los en ontwerpe te doen) in. Verder word vaardighede in effektiewe geskrewe kommunikasie verwerf deurdat 'n tegniese analise opgeskryf en voorgelê word.

Voorvereiste: MEG1211

MEGI321 STROMINGSLEER II

3 uur

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die leerder in staat wees om basiese kennis en die beginsels van algemene samedrukbare-vloei, potensiaalvloei en grenslaagteorie toe te pas om stromingsleerprobleme op te los. Hy/sy sal in staat wees om basiese tegnieke van samedrukbare-vloei te gebruik vir die oplos van praktyksgeoriënteerde probleme. Dit sluit vaardigheid in die gebruik van gepaste ingenieursgereedskap soos die rekenaarpakkette Excel, EES (Engineering Equation Solver), en die spesialis vloeinetwerkoplosser, Flownet, om stromingsleerprobleme op te los en ontwerpe te doen, in.

Voorvereiste: MEG222; WISK211 en WISK212

MEGI322 STRUKTUURLEER

3 uur

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die leerder in staat wees om struktuurleer probleme te identifiseer, te formuleer en innoverend op te los. Die leerder sal spesialiskennis van die energie-, styfheids- en eindige element-metodes kan toepas om ingenieursprobleme te ontleed en op te los, basiese strukture, deur middel van gestruktureerde en ongestruktureerde sintese van sterkteleer kennis kan analiseer en ontwerp. Dit sluit vaardigheid in die gebruik van gepaste ingenieursgereedskap, soos die rekenaarpakkette Matlab, EES en 'n eindige element-kode om ingenieursprobleme te modelleer in. Verder word vaardighede in effektiewe geskrewe kommunikasie verwerf deurdat 'n tegniese analise opgeskryf en voorgelê word.

Voorvereiste: MEG1211; MEG1312; WISK221; WISK222; TGWS221 en TGWS222

MEGI324 REKENAARMETODES

3 uur

Na suksesvolle voltooiing van hierdie kursus sal die leerder in staat wees om gebruik te maak van spesialis kennis van klasse, databasisse en Windowsprogrammering om effektiewe gebruikersvriendelike ingenieurs sagteware te ontwikkel. Verder sal die leerder effektief in 'n span kan saamwerk (by die ontwikkeling van ingenieurs sagteware) en ook die nodige leiding waar nodig kan neem en lewenslank in 'n dinamiese ontwikkelende omgewing soos sagteware ontwikkeling kan aanhou leer.

Voorvereiste: ITRW129

MEGI327 MEGANIESE ONTWERP

4 uur

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die leerder in staat wees om fundamentele en spesialis ontwerp kennis en sintese toe te pas in analiseering van bestaande ontwerpe; basiese meganiese komponente deur gestruktureerde sintese van kennis te ontwerp; ook bestaande ontwerpe te kan analiseer en evalueer; skriftelik effektief met tegniese gehore deur middel van sketse, tekeninge en 'n formele ingenieursontwerpverslag te kan kommunikeer; effektief in 'n meganiese ingenieursomgewing in 'n span te kan saamwerk en voortdurend nuwe kennis en ontwikkeling op die gebied van meganiese ontwerp te kan inwin.

Voorvereiste: MEGI211, MEGI227 en MEGI313

MEGI371 VAKANSIEOPLEIDING SENIORS

Bywonend (Nywerhede: verslag)

Hierdie is 'n verpligte bywoningsmodule vir 'n tydperk van ten minste ses weke gedurende die vakansie. Leerders word gedurende dié vakansie-opleiding blootgestel aan die daaglikse bedryf van 'n toepaslike aanleg, installasie of laboratorium. Tipiese ingenieursprobleme wat verband hou met die betrokke werksplek of instansie, moet onder die leiding van 'n ingenieur in beheer, ondersoek word.

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die leerder 'n begrip te hê van die vaardighede waaroor 'n professionele ingenieur moet beskik, die proses van ingenieurswese en probleemoplossing beter verstaan, sy/haar plek in die nywerheid kan volstaan en veiligheidsmaatreëls in die werksomgewing kan toepas. 'n Beroepsveiligheidskursus (NOSA) word gedurende die tweede studiejaar, voor die aanvang van die praktiese opleiding in die nywerheid, by die Universiteit voltooi.

Voorvereiste: MEGI271

MEGI411 TERMOMASJIENE

3 uur

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die leerder in staat wees om fundamentele kennis van die werkverrigting van gasturbienes en binnebrandenjins, tesame met spesialiskennis van stromingsleer en termodinamika, toe te pas om termomasjiene probleme op te los. Die leerder sal in staat wees om 'n basiese termomasjien deur middel van

gestruktureerde en ongestruktureerde sintese en addisionele inligting wat self bekom is, te ontwerp, basiese probleme van die termomasjiene komponente se werkverrigting te kan oplos en lewenslank op hoogte te bly met die nuutste tegnologie wat op die mark beskikbaar is.

Voorvereiste: MEGI321

MEGI412 WARMTEOORDRAG

3 uur

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die leerder in staat wees om basiese kennis en die beginsels van warmte-oordrag (insluitend geleiding, konveksie van beide eksterne vloei en vloei in pype, en straling) toe te pas om praktiese probleme op te los, basiese hitteduikers deur middel van gestruktureerde en ongestruktureerde sintese van warmte-oordrag kennis te ontwerp. Dit sluit die vaardigheid in die gebruik van gepaste ingenieursgereedskap soos die rekenaarprogramme Excel, en EES (Engineering Equation Solver) om warmte-oordragprobleme op te los en ontwerpe te doen, in.

Voorvereiste: MEGI321

MEGI413 STROMINGSMASJIENE

3 uur

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die leerder in staat wees om fundamentele kennis van die werkverrigting van stromingsmasjiene tesame met spesialiskennis van stromingsleer en termodinamika toe te pas, om stromingsmasjiene probleme op te los, 'n basiese stromingstelsel deur middel van gestruktureerde en ongestruktureerde sintese en addisionele inligting wat self bekom is te ontwerp, basiese probleme oor stromingsmasjiene komponente se werkverrigting te kan oplos, meer effektief geskrewe te kommunikeer deurdat 'n tegniese ontwerp opgeskryf en voorgelê word en verder sal die leerder in staat wees om op hoogte te bly met die nuutste tegnologie wat op die mark beskikbaar is.

Voorvereiste: MEGI321

MEGI414 LUGREËLING EN VERKOELING

3 uur

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die leerder in staat wees om lugreëling-en verkoelingsprobleme op te los, 'n verkoelingstelsel (deur sintese van kennis te kombineer met addisionele inligting wat self bekom moet word) te ontwerp. Dit sluit die gebruik van hulpmiddels soos Excel asook spesialis programme soos EES in. Die leerder sal in staat wees om te verstaan watter impak die lugreëling en verkoeling industrie, a.g.v. die gebruik van skadelike koelmiddels en emissies op die omgewing, het en sal in staat wees om op hoogte te bly van die nuutste tegnologie wat op die mark beskikbaar is.

Voorvereiste: MEGI311 en MEGI321

MEGI417 STELSELONTWERP

2 uur

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die leerder in staat wees om 'n gebruikersbehoefte in ingenieursterme te kan definieer en dit d.m.v. die gestruktureerde, logiese denkwys van Stelselingenieurwese, funksioneel te analiseer en kreatief en

innoverend stelselkonsepte te genereer en evalueer; stelsels te kan onderverdeel in substelsels en komponente te spesifiseer en ontwerp; fundamentele stelselingeieurswese kennis toe te pas in die ontwerp van stelsels deur gestruktureerde sintese van komponente en substelsels; gebruik te maak van ekonomiese en tegniese besluitnemingsmodelle om besluite oor stelsels te maak; basiese vaardigheid in projekbestuur deur die toepassing van projekbestuursbeginsels en toepassing van toepaslike programmatuur te verwerf, effektief mondeling en skriftelik met tegniese en nie-tegniese gehore deur aanbiedings tydens ontwerphersienings te kommunikeer en in staat wees om effektief in 'n span saam te werk.

Voorvereiste: MEGI327 en STTK312

MEGI419 PROJEK

Verslag en Voordrag

Na voltooiing van hierdie module sal die leerder in staat wees om die eerste deel van die wetenskaplike ontwerpmetode, of die proses van ingenieurswese, uit te voer. Dit behels die formulering van 'n probleem in tegniese terme, die verdeling daarvan in subprobleme en die stel van die subprobleme in algemene terme. Hulpmiddels soos die internet en die biblioteek word gebruik om relevante inligting te soek. Die leerder sal in staat wees om effektief en doeltreffend oor die voorstudie van 'n projek verslag te doen en 'n projek te beplan.

Voorvereiste: MEGI321; moet geregistreer wees/modules geslaag het, nl. MEGI411; MEGI412; MEGI414 en MEGI413

MEGI421 MASJIENDINAMIKA

3 uur

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die leerder in staat wees om fundamentele kennis van die masjiendinamika teorie (insluitend bewegingswette, natuurlike en geforseerde vibrasie sowel as spesialiskennis oor die toepaslike numeriese metodes) toe te pas om vibrasie probleme op te los; basiese vibrasiestelsels (deur middel van gestruktureerde en ongestruktureerde sintese van basiese kennis tesame met addisionele inligting wat self bekom moet word) te ontwerp; gebruik te maak van die verskillende meetinstrumente om data oor vibrasieprobleme in te samel en spesialiskennis oor die diagnose van vibrerendestelsel, vir toestandsmonitering en voorkomende instandhouding van toerusting, toe te pas.

Voorvereiste: MEGI327

MEGI 422 INGENIEURSWESEBESTUUR

2 uur

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die leerder in staat wees om : besigheidsprodukte en prosesse te identifiseer, te formuleer, te implementeer en te meet; bedryfstelsels te kan ontwikkel deur middel van gestruktureerde en ongestruktureerde sintese van kennis en inligting ; tegnieke en metodes in die bedryfsbestuur omgewing te kan toepas ;

effektief in 'n multidissiplinere omgewing in 'n span te kan werk, en waar nodig leiding te neem. Die leerder sal ook in staat wees om lewenslank aan te hou met leer en op hoogte te bly met nuwe ontwikkelings in bedryfsbestuur en die belangrikheid van professionele en etiese gedrag te besef asook om in ooreenstemming met sy/haar kennis en ondervinding in bedryfsbestuur verantwoordlikheid in 'n werksituasie te neem.

Voorvereiste: Geen

MEGI423 VERVAARDIGINGSTEGNOLOGIE

3 uur

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die leerder in staat wees om ingenieursprobleme met betrekking tot vervaardiging van produkte op 'n logiese en sistematiese wyse op te los. Dit sluit die aspekte van tyd, koste, kwaliteit en afwerking, kennis in verband met materiaaleienskappe, vervaardigingsprosesse o.a. gietprosesse, vormingsprosesse, las-prosesse en tegnologie rondom materiaaloppervlaktes praktyks-georiëteerd in. Die leerder verkry kennis om basiese ontwerpe vir vervaardiging te kan doen deurdat hy/sy kritiese komponente leer evalueer en in staat is om die vervaardigingsproses te optimeer en in staat is om deur middel van kritiese evaluering leiding te neem in die beplanning en uitvoering van vervaardigingsprojekte.

Voorvereiste: MATI121 en MATI212

MEGI427 TERMOSTELSELONTWERP

3 uur

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die leerder in staat wees om termostelsel probleme te identifiseer, te formuleer en kreatief en innoverend op te los, termostelsels deur middel van gestruktureerde en ongestruktureerde sintese van kennis oor termodinamika, vloeiermeganika en warmte-oordrag tesame met inligting oor die werkverrigting van spesifieke komponente wat self bekom moet word te ontwerp, gebruik te maak van gepaste sagteware vir berekenings, modellering en simulatie van termostelsel komponente en stelsels soos benodig vir ontwerpdoeleindes, effektief geskrewe te kommunikeer deurdat 'n volledige termostelselontwerp opgeskryf en voorgelê word wat insluit spesifikasies, tekeninge, onderhoudskedules ens., en meer effektief in 'n multidisiplinêre omgewing in 'n span te werk en waar nodig ook leiding te neem.

Voorvereiste: MEGI321; MEGI411; MEGI412; MEGI414 en MEGI421

Neweveerste: Moet geregistreer wees vir MEGI423

MEGI429 PROJEK

Verslag en Voordrag

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die leerder in staat wees om die tweede deel van die wetenskaplike ontwerpmetode, of die proses van ingenieurswese, uit te voer. Dit behels die soeke na verbeeldingryke oplossings vir subprobleme en die integrasie van die oplossings tot 'n geheel, effektief en doeltreffend oor 'n ingenieursprojek verslag te doen en 'n projek te bestuur. Dit sluit die skryf van 'n verslag, 'n mondelinge voorlegging en 'n plakkaataanbieding in. Verder behels dit die beplanning van die projek, die nakoming van doelwitte, gereëlde terugvoering aan die projekteier en die boekhou van uitgawes.

Voorvereiste: MEGI321; MEGI411; MEGI412; MEGI414 en MEGI413

Neweveerste: Leerder moet finalejaar wees en graad kan voltooi

MEGI611 Termomasjiene = MEGI411 Termomasjiene

MEGI612 Warmteoordrag = MEGI412 Warmteoordrag

MEGI613 Stromingsmasjiene = MEGI413 Stromingsmasjiene

MEGI614 Lugreëling en Verkoeling = MEGI414 Lugreëling en Verkoeling

MEG621 Masjiendinamika = MEGI421 Masjiendinamika

MEG623 Vervaardigingstechnologie = MEGI423 Vervaardigingstechnologie

MEGI629 Projek = MEGI429 Projek

MMEI321 INGENIEURSEKONOMIE

3 uur 1:1

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module verwerf die leerder kennis oor die impak van ingenieursaktiwiteite op die samelewing deur te verstaan waar dit in die ekonomie inpas, meer effektief in 'n multidisiplinêre omgewing in 'n span te werk deur die faktore te verstaan wat 'n rol speel in ekonomiese analise en finansiële rekeningkunde en leiding te neem in die beplanning en uitvoering van projekte deur middel van kosteberamings, risiko analise, besluitneming en evaluering van ekonomiese uitvoerbaarheid en winsgewendheid.

Voorvereiste: Geen

MMKI411 PROFESSIONELE PRAKTYK

Bywonend

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die leerder in staat wees om die gedragkode van die professionele ingenieurspraktyk te verstaan en self te interpreteer in verskillende praktiese situasies, die verskillende vergoedingsstelsels te verstaan wat algemeen in die ingenieurspraktyk van toepassing is, die beginsels van geskrewe kommunikasie te verstaan en self op 'n professionele manier geskrewe te kommunikeer met beide tegniese en nie-tegniese gehore, die beginsels van mondelinge kommunikasie te verstaan en self op 'n professionele manier mondelings te kommunikeer met beide tegniese en nie-tegniese gehore en self voor 'n gehoor op te tree om voordragte oor geselekteerde onderwerpe te lewer.

Voorvereiste: CMKI311

MNDI 111 ENGINEERING DRAWING I

TLS 1 hour theory, 3 hour practical

This course is presented as MEGI111 on the Potchefstroom campus and as MNDI111 as a joint venture between UNISA and Telematic Learning Systems of the Potchefstroom University.

After completion of this course the learner will be able to make use of basic geometrical forms to develop and communicate design solutions and solve technical design problems with the aid of sketches, basic traditional drawing tools and computer aided design processes.

Knowledge include introduction to graphical communication, integrated design; sketching, text and visualisation; basic engineering geometry and construction; multiview drawings; basic CAD (computer aided design); pictorial drawings; auxiliary views; section views; dimensioning, working and assembling drawings.

Prerequisite: None

MNDI121 ENGINEERING DRAWING II

TLS 2 hour theory, 4 hour practical

This course is presented as MEG121 on the Potchefstroom campus and as MNDI121 as a joint venture between UNISA and Telematic Learning Systems of the Potchefstroom University.

After completion of this course the learner will be able to plan and execute the design proses, generate geometrical computer models and prepare manufacturing and assembly drawings and prepare design and tender documentation.

Knowledge gained include advanced engineering geometry and construction; three dimensional computer aided construction; pictorial, auxiliary and section views of solids; detail dimensioning and tolerancing; basic manufacturing processes; fastening methods in construction; graphic detail assemblies and tender process and documentation.

Prerequisite: MNDI111

REII321 REKENAARINGENIEURSWESE III

3 uur

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die leerder in staat wees om sy kennis te kan toepas om ingenieursprobleme waar die oplossing gebaseer is op mikroverwerkers, op te los deur op lae vlak programmering direk op die hardeware te doen asook deur hoëvlak programmering deur gebruik te maak van die API. Die leerder sal die vaardigheid besit om tyd-kritiese programdele in saamsteltaal te programmeer en sal gebruik maak van programmeringstegnieke soos numeriese algoritmes. Die leerder sal die vermoë besit om gevorderde randapparatuur te hanteer deur gebruik te maak van DMA, PIC, PPI en brûe tussen busse.

Voorvereiste: EERI221

REII327 REKENAARINGENIEURSWESE ONTWERP

3 uur

Die leerder verwerf in hierdie module die vermoë om probleem te analiseer, 'n gebruikersbehoeftestelling en 'n tegniese spesifikasie op te stel, 'n ontwerp te kan doen en implementeer wat aan die tegniese spesifikasie voldoen en wat kennis uit verskillende vakdissiplines kombineer in die sinteseproses, 'n toetsplan op te stel en uit om vas te stel of die implementering aan die tegniese spesifikasie voldoen, 'n verslag op te stel wat 'n beskrywing gee van die probleemstelling, die spesifikasie, die ontwerp, die implementering sowel as die toetsresultate en om die resultate aan 'n tegniese gehoor voor te dra.

Voorvereiste: Leerder moet jaarvlak 3 kan voltooi

REII411 REKENAARINGENIEURSWESE IV

3 uur

Na suksesvolle voltooiing van die module sal die leerder in staat wees om te onderskei tussen alle vorme van simpleks, half dupleks en vol dupleks kommunikasie wat punt-tot-punt; punt-tot-multipunt of multipunt-tot-multipunt kan geskied, te onderskei en aanbevelings te maak oor analoog versus digitale kommunikasie modusse, die twee mees gebruikte standaarde in die rekenaar kommunikasieveld, naamlik IP en ISO OSI 7-laag struktuur te beskryf en die kennis

daarvan te kan toepas op situasie analises en om ingenieursberekeninge en simulaties te doen oor datatempo's, kongestie in netwerke, optimale buffergroottes, outomatiese herstuur algoritmes se invloed.

Voorvereiste: REII321

REII412 INGENIEURSPROGRAMMERING II

3 uur

Na voltooiing van die module sal die leerder in staat wees om databasis definisies en terme te verstaan, databasisse te ontwerp en te implementeer en om inligting in die databasisse te stoor, te verander en te verwyder. Die leerder sal in staat wees om die programmatuur wat in die vorige punt bespreek is te optimaliseer, die databasisse te administreer en voorsorg te tref teen moontlike probleme en indien nodig die databasisse te herstel na faling. Verder sal die leerder in staat wees om databasisse en kommersiële toepassing gebaseer op databasis manipulasie te gebruik om ingenieursprobleme mee op te los asook om SCADA pakkette te gebruik wat 'n databasis sentriese argitektuur het. Die leerder sal in staat wees om verskeie tipes koppelvlakke na die databasis te implementeer.

Voorvereiste: EERI323

REII422 PROGRAMMATUURINGENIEURSWESE

3 uur

Na suksesvolle voltooiing van die module dra die leerder kennis van die hoof beginsels van programmatuuringenieurswese, wat insluit projekbestuur, sagteware lewensiklusse, konfigurasiebestuur, ontwikkelingspanbestuur, sagteware kwaliteitsbestuur, koste bepaling, gebruikers behoefte bepaling asook die ontwerp, ontwikkeling en toetsing van sagteware in bepaalde sagteware ontwikkelingsomgewings. Die suksesvolle leerder sal na afloop van die module in staat wees om die fases van Programmatuuringenieurswese kan identifiseer, terminologie van die vak kan definieer en al die fases van eenvoudige sagtewareprojekte kan bestuur en dit met 'n laboratoriumprojek demontreer.

Voorvereiste: EERI323

REII611 REKENAARINGENIEURSWESE IV = REII411 REKENAARINGENIEURSWESE IV

REII612 INGENIEURSPROGRAMMERING II = REII412 INGENIEURSPROGRAMMERING II

REII622 = REII422 PROGRAMMATUURINGENIEURSWESE II

REII616 REKENAARINGENIEURSWESE IV = REII411 REKENAARINGENIEURSWESE IV

REKENAARWETENSKAP EN INLIGTINGSTELSELS

ITRW119 PROGRAMMERING VIR INGENIEURS I (C++)

2 uur

Die leerder behoort na die suksesvolle voltooiing van hierdie module basiese kennis en insig verwerf het oor die programmeringstaal C++ se basiese strukture, datatipes, funksies asook gestruktureerde probleemoplossing met C++ wat insluit: ontfouting, toetsing en uitvoering van toepassings. Die leerder sal na voltooiing van die module kan bewys lewer dat hy/sy die kennis en insig wat verwerf is kan toepas ten opsigte van eenvoudige probleme wat in ingenieurswese voorkom, 'n oplossingsplan (algoritme) kan ontwikkel om die probleem op te los, die algoritme kan implementeer (kodeer) in C++, ontfout, toets en uitvoer met behulp van die rekenaar.

Voorvereiste: Geen

ITRW129 PROGRAMMERING VIR INGENIEURS II (C++)

2 uur

Die leerder behoort na die suksesvolle voltooiing van hierdie module gevorderde kennis en insig verwerf het oor die programmeringstaal C++ se funksies, skikkings, wysers, stringe en lêerhantering. Die leerder behoort ook basiese kennis verwerf oor datastrukture, objekte en klasse in C++. Die leerder sal na voltooiing van die module kan bewys lewer dat hy/sy die kennis en insig wat verwerf is kan toepas ten opsigte van probleme wat in ingenieurswese voorkom, 'n oplossingsplan (algoritme) kan ontwikkel om die probleem op te los, die algoritme kan implementeer (kodeer) in C++, ontfout, toets en uitvoer met behulp van die rekenaar.

Voorvereiste: ITRW119

ITRW121 GRAFIESE KOPPELVLAKPROGRAMMERING I

3 uur

Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die student oor kennis en vaardighede beskik in die grafiese-koppelvlak omgewing om: gerekenariseerde toepassings te ontwikkel in 'n visuele objekgerigte rekenaartaal. Aspekte soos grafiese koppelvlak-ontwerp, gebeurtenis gedrewe programmering, prosedure en objekgerigte programmering met gebruikersvriendelike koppelvlakke sal as basis gevestig wees. Die teorie moet in gegewe probleme prakties toegepas kan word.

Voorvereiste: ITRW119 of ITRW111

ITRW122 PROGRAMMERING I

3 uur

Aan die einde van hierdie module het die leerder basiese kennis en insig verwerf oor: 'n objekgerigte programmeringstaal se basiese strukture, datatipes, metodes, klasse en objekte. Verder kan die leerder ook spesifieke rekenaartoepassings programmeer, ontfout, toets en uitvoer. Hy sal vir 'n probleem wat gedefinieer is, 'n algoritme kan ontwikkel om die probleem op te los, die algoritme kodeer, dit ontfout, toets en uitvoer met behulp van die rekenaar. Die leerder sal die algemene eienskappe van die programmeringstaal kan gebruik om toepassings te ontwikkel wat goed gestruktureerd, gebruikersvriendelik en leesbaar is.

Voorvereiste: ITRW119 of ITRW111

ITRW212 PROGRAMMERING II

3 uur

Aan die einde van hierdie module het die leerder basiese kennis en insig verwerf oor objekgerigte programmering (ook vir die Web), probleem-oplossing wat insluit: ontfouting, toetsing en uitvoering van toepassings, lêerhantering, soekmetodes, sorteermetodes, oorerwing, koppelvlakke en polimorfisme en Boolese algebra. Die leerder sal na voltooiing van die kursus kan bewys lewer dat hy/sy die kennis en insig wat verwerf is, kan toepas in probleemoplossing met behulp van die rekenaar.

Voorvereiste: ITRW122

ITRW213 STELSELONTLEDING I

3 uur

Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die leerder oor kennis en insig beskik om: die funksies van die stelselontleder en ander rolspelers tydens 'n stelsel se beplanning en ontleding te ken, die vroeë fases en aktiwiteite in die stelselontwikkelinglewensiklus te ken en te gebruik, verskeie modelleringstegnieke vir stelselontleding te ken en toe te pas, kreatief en probleemoplossend te dink en op te tree wanneer 'n gerekenariseerde stelsel beplan en ontleed word.

Voorvereiste: ITRW121 of ITRW122

ITRW221 STELSELONTLEDING: PROJEK

2 uur

Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die leerder oor kennis en insig beskik om: die fases en tegnieke in die stelselontwikkelingslewensiklus toe te pas in spanverband wanneer 'n praktiese projek ontwikkel word, die aktiwiteite van projekbestuur toe te pas tydens die ontwikkeling van 'n stelsel en 'n verskeidenheid tersaaklike dokumentasie saam te kan stel en 'n stelselaanbieding te kan maak.

Voorvereiste: ITRW213

ITRW222 DATASTRUKTURE EN ALGORITMES

3 uur

Na afloop van hierdie module sal die leerder datastrukture, byvoorbeeld vektore, matrikse, geskakelde lyste, stapels en toue, kan opstel en manipuleer. Objekteorieënteerde metodes, byvoorbeeld oorerwing en polimorfisme sal gebruik word om abstrakte datatipes vir bogenoemde datastrukture te skep. Die leerder sal in staat te wees om die kompleksiteit (looptyd en geheuespasie) van algoritmes te ontleed en kennis hê van verskeie datahanteringsprobleme en die oplos en ontleding daarvan. Die leerder sal objektorie en datastrukture prakties kan toepas.

Voorvereiste: ITRW212

ITRW311 DATABASISSE I

3 uur

Aan die einde van hierdie module behoort die leerder basiese kennis en insig te hê oor die verskil tussen lêerstelsels en databasisse; die relasionele databasismodel teenoor hiërargiese en objekgeoriënteerde databasismodelle; entiteitsverwantskapsmodellering; normalisering van databasismodelle; databasisontwerp; transaksiebestuur; die beheer van gelyktydige gebruik; en SQL en Oracle PL/SQL. Die leerder sal na die voltooiing van die module kan bewys lewer dat hy/sy die kennis en insig wat verwerf is kan toepas in probleemoplossing in die vakgebied en sy toepassingsvelde.

Voorvereiste: ITRW221 of ITRW224

ITRW312 KUNSMATIGE INTELLIGENSIE

2 uur

Aan die einde van hierdie module het die student kennis gemaak met die basiese begrippe binne die veld van Kunsmatige Intelligensie. Die student moet bewys wees van die belangrike kwessies binne die vak asook die historiese grondslae van die vak. Verder moet die student die basiese tegnieke wat binne die veld gebruik word verstaan en op praktiese probleme kan toepas. Die praktiese implementering van die geleerde tegnieke word gedoen deur programme te skryf in 'n Kunsmatige Intelligensietaal.

Voorvereiste: Geen

ITRW313 DESKUNDIGE STELSELS

2 uur

Na afloop van die module sal die leerder kan aantoon dat hy/sy oor genoegsame kennis beskik ten opsigte van kennisgebaseerde programmeringstegnieke in die ontwerp en ontwikkeling van deskundige stelsels. Leerders sal in staat wees om verskillende strategieë ten opsigte van kennisvoorstelling en inferensietegnieke te gebruik en sal ook kan demonstreer dat hulle oor voldoende kennis van en insig in die fases van deskundige stelselontleding en ontwerp, asook hulpmiddels en metodologieë beskik. Deur die verworwe kennis sal leerders kreatief en probleemoplossend kan dink en optree wanneer 'n deskundige stelsel ontwerp en ontwikkel word.

Voorvereiste: ITRW121 of ITRW122

ITRW315 KOMMUNIKASIE VAARDIGHEDE

2 uur

Aan die einde van hierdie module sal die leerder basiese kennis en insig verwerf het oor die belangrikste kommunikasievaardighede wat insluit voordrag- en skryfvaardighede. Leerders sal ook bewys wees van die belangrikheid van menseverhoudinge, konflikbestuur en ander toepaslike gedragseienskappe en sal met vertroue voordragte kan lewer en korrek gestruktureerde verslae kan skryf.

Voorvereiste: Geen

ITRW321 DATABASISSE II

3 uur

Aan die einde van hierdie module behoort die leerder basiese kennis en insig te hê oor verspreide databasisbestuurstelsels; objekgeoriënteerde databasisse; kliënt/bediener stelsels;

datapakhuis; databasisse en die internet; en databasisadministrasie (teorie sowel as praktiese toepassings met Oracle). Die leerder sal na die voltooiing van die module kan bewys lewer dat hy/sy die kennis en insig wat verwerf is kan toepas in probleemoplossing in die vakgebied en sy toepassingsvelde.

Voorvereiste: ITRW311

ITRW322 NETWERKPROGRAMMERING EN INTERNET

3 uur

Die leerder sal aan die einde van hierdie module kan bewys lewer dat hy/sy vertrou is met die werking van die OSI, TCP/IP en IEEE (lokale area netwerk) protokolle, sowel as protokol onafhanklike onderwerpe soos kongestiebeheer en roetering. Die student sal OSI, TCP/IP en IEEE (lokale area netwerk) protokolle verder bemeester deur 'n laevlak implementering van die IEEE protokolle in 'n hoëvlak programmeertaal te doen. Die leerder sal oor kennis beskik van die Internet, sy werking, dienste en eienskappe en sal praktiese opdragte en die gepaardgaande implementering op die Internet kan doen.

Voorvereiste: ITRW222

Kyk die Jaarboek van die Fakulteit Natuurwetenskappe vir nagraadse module uitkomst:

ITRW614	INLIGTINGSTELSELINGENIEURSWESE
ITRW615	REKENAARSEKURITEIT I
ITRW617	BEELDVERWERKING I
ITRW624	INLIGTINGSTELSELINGENIEURSWESE II
ITRW625	REKENAARSEKURITEIT II
ITRW627	BEELDVERWERKING II
ITRW876	DATABASISSE I EN II
ITRW878	KUNSMATIGE INTELLIGENSIE I EN II

KEUSEMODULES

KEUS311 KEUSEMODULES

Hierdie modules sluit in:

AFNV311 WETENSKAPLIKE SKRYF IN AFRIKAANS

2 uur

By voltooiing van die module behoort die student in staat te wees: om wetenskaplike skryfstukke in Afrikaans te onderskei en te produseer; om die kwaliteit van wetenskaplike skryfstukke te beoordeel; om taalhulpmiddels te gebruik in die oplos van taalprobleme.

BYBI311 BYBELINTERPRETASIE IN LEWE EN WETENSKAP

2 uur

Die spesifieke uitkomst is dat elke suksesvolle kandidaat: die prinsipiële uitgangspunte met betrekking tot die verstaan van die Bybel kan verwoord en toepas op grond van die Bybel 'n standpunt op 'n geldige wyse formuleer oor aktuele wetenskaps- en lewensvraagstukke ten minste die volgende hulpmiddels vir die verstaan van die Bybel effektief gebruik: die studiebybel Die Bybel in Praktyk; die Logos-rekenaarprogram

EKNP312 PERSOONLIKE FINANSIËLE BESTUUR

2 uur

Die leerder moet in staat wees om: die algemene bruikbare terme in die ekonomie te verstaan en reg te kan interpreteer; op grond van sekere indikatore in die ekonomie die wisselwerking en veral die beweging van die inflasiekoers, rentekoerse, wisselkoerse, belasting en arbeidsklimaat te voorspel; op grond van die voorspelling korrekte handelswyses te bepaal om die betrokke toestand tot voordeel van hom/haar self en die werksomgewing reg te hanteer; die persoonlike finansies reg te bestuur. Dit sluit in die hantering en beheer van tjekrekenings, kredietkaarte, debietkaarte, verbande op eiendom, huurkope, beleggings waaronder aandele en aandeletrusts, kort- sowel as langtermynversekerings en huishoudelike begrotings; onderling oor die interpretasie en optrede van gebeurlikhede in die ekonomie te debatteer.

ENSW311 ENGLISH SCIENTIFIC WRITING

2 uur

At the end of this module the student should be able to deal more competently with English grammar structures; be able to choose and use the correct scientific register; be able to formulate scientific concepts, such as hypotheses and other relevant forms; be able to maintain a coherent argumentative structure in sustained academic writing; be able to present a prepared report orally using the relevant oral and verbal skills.

STATISTIEK EN OPERASIONELE NAVORSING

STTK111 BESKRYWENDE STATISTIEK

2 uur

Hierdie module bied die leerder die geleentheid om 'n goeie algemene agtergrond omtrent die basiese statistiese beginsels en metodes, sowel as basiese praktiese vaardighede op te bou, om sodoende eenvoudige data-hanterings- en data-voorstellingsmetodes te hanteer en sin uit data te maak. Die kursus word telematies op 'n nie-wiskundige vlak, met die hulp van 'n rekenaarpakket en uitgebreide studiegids aangebied. Die leerder sal basiese grondbegrippe van statistiek verstaan, eenvoudige vraelyste kan opstel en hanteer, data kan opsom, grafiese voorstellings en eenvoudige berekeninge rakende lokaliteit, spreiding en korrelasie kan doen, eenvoudige waarskynlikheidsberekeninge rondom die normaal verdelings kan uitwerk en interpreteer, en eenvoudige eksperimentele ontwerp kan toepas. Reguitlyne sal gepas kan word deur datapunte en passingskriteria soos residue-inspektering sal gedoen kan word.

Voorvereiste: Geen

STTK312 INGENIEURSTATISTIEK

3 uur

Die suksesvolle voltooiing van hierdie module bied die leerder die geleentheid om 'n stewige algemene vaardigheid op te bou betreffende algemene beskrywende statistiek, statistiese inferensie, eksperimentele ontwerp, waarskynlikheidsleer, die hantering en interpretasie van algemene statistiese modelle en inferensie vir meersteekproefstudies t.o.v. verskeie modelle, asook die gebruik en interpretasie van statistiese rekenaar-ontledingspakkette.

Voorvereiste: Geen

TOEGEPASTE WISKUNDE

TGWS111 KOÖRDINAATMEETKUNDE IN 2- EN 3-DIMENSIES

1,5 uur

Aan die einde van hierdie module het die leerder die volgende hoofonderwerpe bemeester: oplossingsmoontlikhede vir stelsels lineêre vergelykings; matriksbewerkings en hulle aanwending in die konteks van lineêre stelsels; vektoralgebra vir meetkundige vektore en vektoralgebra vir koördinaatvoorstellings van die vektore, insluitende puntproduk en kruisproduk; algebraïese vergelykings vir die keëlsnitfigure in 'n platvlak, sowel as reguit lyne platvlakke en tweedegraadsoppervlakke in die driedimensionele ruimte.

Die leerder bemeester in hierdie module die volgende rekentegnieke: 'n sistematiese tegniek vir die oplossing van stelsels lineêre vergelykings; die basiese bewerkings van matriksalgebra. Die leerder verwerf ook die vermoë om: driedimensionele vektore algebraïes te manipuleer en die resultate te interpreteer; lyne, platvlakke en ander reëlmatige figure in twee en drie dimensies algebraïes te beskryf; die inhoud van sekere vergelykings in twee of drie veranderlikes meetkundig te interpreteer.

Voorvereiste: Geen

TGWS121 STATIKA

2 uur

Aan die einde van hierdie module het die leerder kennis en insig verwerf oor die bewegingswette van Newton en die begrippe van krag, vektorproduk, moment, koppel, die rotasie-analoog van die tweede wet van Newton en wrywing. Die leerder beskik oor die vaardigheid om 'n kragtestelsel op 'n star liggaam te herlei na 'n enkele krag of 'n krag en 'n koppel en kan dit toepas om statika-probleme op te los, insluitend probleme waarin wrywingsverskynsels voorkom, asook die analise van die rotasie van vlakke liggame.

Voorvereiste: TGWS111

TGWS211 DINAMIKA

2 uur

Die leerder verwerf kennis en insig in die teorie van die bou, oplos en evaluering van wiskundige modelle in verband met die dinamika van massadeeltjies, stelsels massadeeltjies en star liggame in die plat vlak. Dit word ten opsigte van vaste of bewegende oorspronge hanteer, en die leerder verwerf vaardigheid in die hantering van probleme oor hierdie onderwerpe.

Voorvereiste: WISK121 en TGWS121/FSK111

TGWS212 DIFFERENSIAALVERGELYKINGS EN NUMERIESE METODES

2 uur

Die leerder verwerf kennis en insig oor eerste-orde gewone differensiaalvergelykings, die Laplace-transform en die metodes van Euler, Heun en Runge-Kutta vir die numeriese oplos van 'n enkele of 'n stelsel differensiaalvergelykings. Die leerder sal vaardig wees in die oplos van eerste orde gewone differensiaalvergelykings deur skeiding van veranderlikes en herleiding na eksakte differensiaalvergelykings en sal werklikheidsverskynsels hiermee kan modelleer; lineêre differensiaalvergelykings met konstante koëffisiënte deur die Laplace-transform kan oplos en enige tipe gewone aanvangswaardeprobleem met rekenaarhulp

numeries kan oplos. Die leerder leer hoe om die rekenaarpakket MATLAB vir oplossing van die differensiaalvergelykings te gebruik.

Voorvereiste: WISK121

TGWS221 DINAMIKA II

2 uur

Die leerder verwerf kennis en insig in die teorie van buigbare kables, inwendige kragte en vervorming van eenvoudige balke en die beweging van satelliete en planete. Die leerder sal die vaardigheid hê om vervormings in balke en kables onder werking van kragte, sowel as bane en posisies van satelliete te kan bepaal.

Voorvereiste: TGWS212 en TGWS121/FSK111

TGWS222 NUMERIESE ANALISE

2 uur

Die leerder verwerf kennis en insig in die teorie van die basiese numeriese metodes vir algemeen voorkomende wiskundige probleme, waaronder die oplos van nie-lineêre vergelykings, bepaling van interpolasiepolinome en numeriese bepaling van bepaalde integrale. Die leerder verkry vaardigheid om vir elke tipe probleem 'n verskeidenheid van tegnieke rekenaarmatig te toe pas. Die leerder sal vaardig wees in die oplos van nie-lineêre vergelykings met iteratiewe tegnieke, bepaling van interpolasiepolinome van Lagrange en Newton, numeriese bepaling van bepaalde integrale met die trapesiummetode, die Simpson-reël, Romberg-integrasie en Gauss-kwadratuur en ook die implementering van hierdie tegnieke per rekenaar.

Voorvereiste: WISK121

TGWS312 PARSIELE DIFFERENSIAALVERGELYKINGS

2 uur

Die leerder verwerf kennis en insig oor die akkuraatheid van diskretiserings van gewone en parsieë lineêre differensiaalvergelykings, raak vertrouwd met spesiale eienskappe van tridiagonale matrikse-, berekeningsprobleme wat sleggeaardheid en yl stelsels lineêre vergelykings meebring, konvergensie-eienskappe van iteratiewe metodes vir stelsels lineêre vergelykings en die stabiliteitseienskappe van numeriese metodes, en die uitvoering van iteratiewe metodes per rekenaar met MATLAB.

Die leerder verwerf vaardigheid in die numeriese oplos, deur middel van eindige-verskille-metodes, van tweepuntrandwaardeprobleme, die warmtevergelyking, die potensiaalvergelyking en die golfvergelyking en die rekenaarimplementering daarvan.

Voorvereiste: WISK221

TGWS321 DINAMIKA III

3 uur

Die leerder verwerf kennis en insig oor die kinematika en kinetika van 'n star liggaam in die ruimte, die Lagrange-formulering van dinamika en die basis van variasierekene. Die leerder verkry vaardigheid in die oplos van probleme oor die beskrywing van beweging en beperkings op die beweging en kan enige probleem oor die drie-dimensionele beweging van 'n star liggaam modelleer en basiese probleme oor stasionêre krommes vir funksionale gevorm deur integrale, oplos.

Voorvereiste: TGWS211

VOORGESKREWE MODULES

ENTR221 ENTREPENEURSKAP

2 uur

Na suksesvolle voltooiing van ENTR221 behoort die leerder begrip van die kreatiewe proses te kan demonstree; geleenthede vir kreatiewe entrepreneurskap raak te sien en in werkbare idees te kan omskryf; beskikbare inligting te kan insamel en in projekbeplanning te kan gebruik; omgewings vir die vestiging van projekte te kan identifiseer en evalueer; 'n begrip vir die entrepreneursgesindheid te openbaar; oor die vermoë te beskik om kreatiewe probleemoplossingstegnieke te implementeer; in spanverband idee-genererend te kan funksioneer; deurgaans die gebruik van 'n kreatiewe entrepreneurskapstaal te kan demonstree; prioriteringsvaardighede te toon; gevallestudies te kan analiseer en gepaste aksie-stappe te kan aanbeveel.

LEER111 LEER- EN LEESONTWIKKELING

2 uur

Na voltooiing van die module behoort die leerder kennis te dra van die aard van die universiteit en universitêre studie; kennis van hom-/haarself as leerder te hê; kennis te hê van verskillende leerstrategieë wat by hom/haar en die leerstof pas om leerinhoude te bemeester, integreer, toe te pas en eie kennisraamwerke te konstrueer; kontakgeleenthede met dosente en leerders effektief in die leerproses te benut; doeltreffend en doelmatig tyd kan bestuur; doeltreffend vir die eksamen kan voorberei en beter eksamen kan skryf; as individu en in 'n groep probleemoplossend te werk kan gaan; beter toegerus te wees met lewensvaardighede 'n minimumvlak van leesvaardigheid hê.

RINL111 REKENAAR- EN INLIGTINGSVAARDIGHEDE

1.5 uur

Rekenaarvaardighede: Na voltooiing van hierdie module behoort leerders oor die kennis, vaardighede en houdings te beskik om die rekenaar en standaard woordverwerking-, sigblad-, aanbiedings- en webleserprogrammatuur effektief te gebruik.

Inligtingsvaardighede: Leerders behoort oor die kennis, vaardighede en houdings te beskik om wetenskaplike inligting met behulp van verskeie tegnologieë (soos die Internet en die nuutste tipes databasisse) vanuit 'n verskeidenheid bronne (soos boeke, tydskrifte, die Web) op te spoor, evalueer, verwerk en kommunikeer.

Hierdie module word ten volle rekenaarmatig aangebied.

WETENSKAPSLEER

WTSL221 WETENSKAPSLEER I

2 uur

Na suksesvolle voltooiing van module A moet die leerder demonstree dat hy: die geskiedenis, aard, doel en bronne van die wetenskap ken en kan verduidelik; die verband tussen norme en

wetenskap verstaan; die invloed van wetenskap en tegnologie op die geestelike en materiële welstand van die mens en sy omgewing verstaan; die samehang van die wetenskap met die grense en plek (toepassing) daarvan in die menslike lewe verstaan, en kan beredeneer teen die agtergrond van Christelike en ander waardestelsels.

Voorvereiste: Geen

WTSL311 WETENSKAPSLEER II

2 uur

Na suksesvolle voltooiing van module B moet die leerder demonstreer dat hy: metodologieë, teorieë en denkradisië in die konteks van Wetenskapsbeoefening verstaan en vanuit 'n Christelike en ander denkraamwerke kan beoordeel; teen die agtergrond van 'n Christelike en ander denkraamwerke die basiese kwessies in die kontemporêre gesprek oor wetenskap en geloof sal verstaan en toepaslike probleemoplossingsvaardighede in hierdie verband bemeester; die etiese konsekwensies van Wetenskapsbeoefening aan 'n Christelike Universiteit (soos die PU vir CHO) verstaan en vanuit ander en 'n Christelike waarde-oriëntasie kan beoordeel, en aktueel (intydse) persoonlike en sosiaal-maatskaplike verskynsels en vraagstukke kan herken (en formuleer) en teen die agtergrond van 'n Christelike en ander waardestelsels kan hanteer.

Voorvereiste: Geen

WISKUNDE

WISK111 ANALISE I

2 uur

Aan die einde van hierdie module het die leerder sy kennis van tegnieke uit skoolwiskunde gekonsolideer deur die rekenreëls van differensiaalrekening volledig te bemeester. Die leerder ken die eienskappe van verskeie wiskundige funksies, sowel as van limiete en kontinuïteit en het in 'n verteenwoordigende seleksie van gevalle die bewyse ook bemeester. Die leerder het 'n vermoë ontwikkel om probleme op te los waarin die eienskappe van differensiasie en integrasie, en verskillende samestellings daarvan, gebruik moet kan word.

Voorvereiste: Geen

WISK121 ANALISE II

2 uur

Aan die einde van hierdie module sal die leerder in staat wees om die limietbegrip uit te brei na die limiete van ryë; bepaalde integrale ken as limiete van somme van oppervlakgedeeltes en dit kan gebruik vir oppervlakkberekeninge. Hy/sy sal die basiese stellings van integraal- en differensiaalrekening ken en kan bewys; funksies deur Taylor-reekse kan benader; die tegnieke van differensiasie en integrasie kan gebruik vir die berekening van maksima en minima van funksies in praktiese en teorie-situasies en ook vir die berekening van lengtes van krommes, sowel as die oppervlakte en volumes van onwentelingsliggame.

Voorvereiste: WISK111

WISK122 INLEIDENDE ALGEBRA

2 uur

Aan die einde van hierdie module het die leerder voldoende kennis van die tipiese eienskappe van die reële getalstelsels; die komplekse getalstelsel; die verband tussen eerstegraads-faktore en wortels van polinome; die algebraïese bestaansreg van rasionale funksies sowel as vorme vir ontbinding daarvan in partiële breuke; inleidende kombinatoriese begrippe; die binomiaalstelling vir natuurlike eksponente en die uitbreiding daarvan na binomiaalreeks; wiskundige induksie en ander basiese bewys tegnieke. Die leerder sal die Euklidiese algoritme kan gebruik en bewerkings met komplekse getalle in verskillende skryfvorme, sintetiese deling van polinome en tegnieke vir die ontbinding van rasionale funksies in partiële breuke kan doen. Die leerder kan ook basiese bewysstrukture ontleed en saamstel.

Voorvereiste: TGWS111**WISK211 ANALISE III**

2 uur

Aan die einde van hierdie module het die leerder kennis en insig verwerf in al die aspekte van differensiaalrekening van meerveranderlikes funksies, met insluiting van Taylor se stelling, rigtingafgeleides en die gradiëntfunksie; die teorie van meervoudige integrale, parametrisering van krommes en die teorie van lynintegrale. Die leerder verwerf vaardigheid in die berekening van partiële afgeleides, rigtingsafgeleides en gradiënte; toepassing van dubbel- en trippel-integrale, sowel as berekening van hulle waardes; toepassing van lynintegrale en die berekening van hulle waardes deur parametrisering van krommes.

Voorvereiste: WISK121**WISK212 LINEÛRE ALGEBRA I**

2 uur

Aan die einde van hierdie module het die leerder kennis en insig verwerf in die oplosbaarheid van stelsels lineêre vergelykings; bestaanskriteria vir inverse matrikse; deelruimtes van n -dimensionale reële vektorruimtes, sowel as gewone en ortogonale basisse daarvoor; die basiese eienskappe van determinante; matrikseiewaardes en –eievektore en diagonalisering van matrikse. Die leerder verwerf vaardigheid in: oplossings van stelsels lineêre vergelykings in vektorruimte-konteks; matriksbewerkings; die bepaling van basisse vir deelruimtes; uitvoering van die Gram-Schmidt-ortogonaliseringsproses; berekening van eiewaardes en eievektore; basiese diagonaliseringsprosesse; uitvoering van hierdie matriksberekeninge m.b.v. MATLAB, en interpretering van die resultate.

Voorvereiste: WISK122**WISK221 ANALISE IV**

2 uur

Aan die einde van hierdie module het die leerder reeds genoeg kennis van en insig in die analise van meerveranderlike funksies verwerf om verdere studie in verwante gebiede met begrip te onderneem. Die leerder ken konvergensietoetse vir reekse asook die basiese teorie van algemene eerste-orde en ook lineêre n -de-orde differensiaalvergelykings. Die leerder kan toepassings-gerigte berekening van lyn- en oppervlakintegrale doen, konvergensietoetse vir reekse toepas en algemene eerste-orde sowel as n -de orde lineêre differensiaalvergelykings oplos.

Voorvereiste: WISK211

WISK222 LINEÛRE ALGEBRA II

2 uur

Aan die einde van hierdie module het die leerder kennis en insig verwerf in die teorie van algemene vektorruimtes en basisse; inwendige produkte; vektornorme; Hessenberg-matrikse as 'n reduksievorm en die rol daarvan in eiewaardebepalings; die karakteristieke polinoom van 'n matriks en die Cayley-Hamilton-stelling. Die leerder verwerf kennis en insig in matriks- en vektornorme en stapsgewyse ortogonale transformasies op 'n matriks; leer om Householder-transformasies en QR-faktorisering uit te voer en eiewaardes te bereken

Die leerder verwerf in hierdie module vaardigheid in die bepaling van algemene sowel as ortogonale basisse; die Gram-Schmidt-proses; die berekening van determinante; ortogonale diagonalisering van simmetriese matrikse. Die leerder leer uitvoering van hierdie rekenaartegniese met MATLAB, en om die uitkomst te interpreteer.

Voorvereiste: WISK212

WISK312 LINEÛRE ALGEBRA III

2 uur

Aan die einde van hierdie module het die leerder kennis en insig verwerf in: die teorie van lineêre transformasies tussen algemene vektorruimtes en hoe dit skakel met ander vektorruimte- en matriksalgebrabegrippe, soos eiewaardes en eievektore van 'n matriks en matriksdiagonalisering; direkte-som-ontbindings en komplement van 'n deelruimte; vektorkwosiëntruimtes (faktorruimtes). Die leerder verwerf vaardigheid in: die interpretering van vektorruimtes- en matriksbegrippe in terme van lineêre transformasies; toepassing van eiewaarde en eievektorberekeninge in die verkryging van doelgemaakte basisse; die bepaling van komplementêre deelruimtes; die meetkundige interpretasie van lyne en platvlakke binne faktorruimte-strukture, en algebraïese manipulering daarvan.

Voorvereiste: WISK222

I.14 NAGRAADSE MODULE UITKOMSTE

ALGEMENE MODULE

NVMI874 NAVORSINGSMETODIEK

PK

Inligtingstelsels: effektiewe gebruik van inligtingstelsels.

Literatuuroorsig: prosedure en kritiese instelling; opstel van 'n volledige literatuuroorsig.

Navorsingsvoorstel en bestuursplan: opstel van 'n navorsingsvoorstel met 'n volledige bestuursplan; tydskedule en begroting.

Eksperimentele prosedures en dataverkryging: benadering tot eksperimentering; betroubaarheid van metings; herhaalbaarheid, akkuraatheid, eksperimentele ontwerp en dokumentasie.

Dataverwerking: kennis en gebruik van gevorderde dataverwerkingsmetodes; statistiese analise; regressie-analise; aanbieding.

Verslagskrywing: opstel van 'n verhandeling en referate; styl; aanbieding; kritiese instelling; gevolgtrekkings.

Programmatuur vir Navorsingsbestuur: Gebruik van pakkette soos Research Toolbox.

POTCHEFSTROOMSE BESIGHEIDSKOOL

MCTP823 INLIGTINGSBESTUUR

Belangrikheid van inligtingstegnologie, grondbeginsels, 'n stelselbenadering tot die oplossing van besigheidsprobleme, ontwikkeling van inligtingstelsels, inligtingstegnologie, eindgebruiker rekenariserings, kantooroutomatisasie, inligtingstelsels vir die bedryf van die onderneming, inligtingstelsels vir bestuursbesluitneming en -ondersteuning, inligtingstelsels vir 'n strategiese voordeel, bestuur van inligting as 'n korporatiewe hulpbron, internasionale inligtingstegnologie-bestuur, inligtingstelsel formulering en implementering, inligtingsekuriteit en beheer, etiese-, regs- en gemeenskapsvraagstukke, en nuwe verwickelinge en tendense.

MDTP812 PRODUKSIEBESTUUR

Produksiebestuurstrategie; Inleiding tot bedryfstelsels en -strukture; Logiese stelselbenadering; Geheelskedulering; Produkskedulering; Vooruitskatting en materiaal-behoefte; Voorraadbeheer; Kwaliteitsbeheer; Materiaalbestuur; Produk- en prosesskedulering; Instandhouding

MDTP823 TEGNOLOGIEBESTUUR

Bestuur van tegnologie, klassifikasie van tegnologie, industrie lewensiklus, kern bevoegdhede, bemerking van tegnologie, tegnologiese evolusie, tegnologie vooruitskatting, bestuur van tegnologiese innovasie, determinante van tegnologiese bevoegdheid, tegnologiese

standardisasie en mededinging, bestuur van 'n uittrede uit tegnologie, argitekturele innovasie, ontwikkeling van innoverende vermoëns, tegnologie oordrag, deel van bevoegdheid, skeep en implementering van 'n ontwikkelingstrategie, nuwe produk ontwikkeling, lei van ontwikkelingspanne, en bou van bevoegdheid en vermoëns deur nuwe produk ontwikkeling.

CHEMIESE INGENIEURSWESE

CEMI874 CAPITA SELECTA

Die kursuseenheid bestaan uit 'n in-diepte studie, met eksaminering, van enige onderwerp wat gekoppel sal wees aan die navorsingsontwerp van die leerder se verhandeling. Die leiding sal plaasvind onder toesig van die leier en/of enige deskundige in die gekose studierigting en die omvang van die studie sal vasgestel word tydens registrasie in samewerking met die Direkteur.

CEMI875 FLUÏEDE-FASE EWEWIG

Na voltooiing van hierdie kursus sal die leerder in staat wees om:

Statistiese termodinamika teorie vir die bepaling van termodinamiese eienskappe van fluïdes te gebruik; Met behulp van molekulêre modelleringsmetodes die termodinamiese ewewig te bepaal; Gevorderde termodinamiese teorie vir die ontwikkeling van skeidingsprosesse soos membraanskeiding, superkritiese ekstraksie en relatiewe distillasie te gebruik.

Die wyse van aanbieding is as volg: Ongeveer 40 uur kontaktyd met die dosent waartydens formele lesings, tutoriale en besprekingsklasse plaasvind. Ongeveer 120 uur selfstudie en die voorbereiding van werkopdragte.

CEMI876 SKEIDINGSPROSESSE

Na voltooiing van hierdie kursus sal die leerder in staat wees om:

Membraanprosesse vir die skeiding van fluïdes asook watersuiwering te kan selekteer; Membraan- en membraanprosesse te kan ontwikkel en modelleer vir hoofsaaklik fluïdeskeiding; Superkritiese ekstraksieprosesse te kan ontwikkel en termodinamies vir hoofsaaklik petrochemiese stowwe te kan modelleer; Reaktiewe distillasiestelsels te kan ontwikkel en te kan modelleer vir lae temperatuurreaksies met homogene en heterogene kataliste.

Die wyse van aanbieding is as volg: Ongeveer 40 uur kontaktyd met die dosent waartydens formele lesings, tutoriale en besprekingsklasse plaasvind. Ongeveer 120 uur selfstudie en die voorbereiding van werkopdragte.

CEMI877 STEENKOOLTEGNOLOGIE I

Na voltooiing van hierdie kursuseenheid sal die leerder in staat wees om:

Steenkooleienskappe vir die bepaling van omsettingsprosesse soos verbranding, vergassing en hidrogenering te gebruik; Die verbrandings- en vergassingseienskappe met behulp van eksperimentele ondersoeke te kan kwantifiseer; Gefluidiseerde bed verbranding en vergassing vir ontwerpdoeleindes te modelleer.

Die wyse van aanbieding is as volg: Ongeveer 40 uur kontaktyd met die dosent waartydens formele lesings, tutoriale en besprekingsklasse plaasvind. Ongeveer 120 uur selfstudie en die voorbereiding van werkopdragte.

CEMI878 STEENKOOLTEGNOLOGIE II

Na voltooiing van hierdie kursus sal die leerder in staat wees om:

Steenkooleienskappe vir veredeling op steenkoolmonsters vanaf verskeie myne te kan toepas; Ekonomiese aspekte van steenkoolveredeling te evalueer; 'n Begrip te hê van die vernaamste Suid Afrikaanse steenkoolreserwes; Om die Suid Afrikaanse konteks van steenkoolproduksie met internasionale mededinging te vergelyk en te analiseer; Verskeie skeidingstechnologieë van internasionale belang te kan beskryf, evalueer en sinvolle berekening oor proese te kan uitvoer; Om navorsing te onderneem op die relevante probleme van steenkoolontginning, veredeling en berging.

Die wyse van aanbieding is as volg: Ongeveer 40 uur kontaktyd met die dosent waartydens formele lesings, tutoriale en besprekingsklasse plaasvind. Ongeveer 120 uur selfstudie en die voorbereiding van werkopdragte.

ELEKTRIESE, ELEKTRONIESE EN REKENAARINGENIEURSWESE

EII881 DATA-ONTGINNING EN KENNISONTDEKKING

Motivering vir die toepassing van data-ontginning en kennisontdekking; bespreking van tipiese toepassings en die nut van die tegnieke; vereistes vir die proses van dataversameling en –storing; voorverwerking en verbetering van die integriteit van data; eksploratiewe soektogte na patrone in data; onderskeiding tussen verskillende gedragspatrone in data; onttrekking van reëls en/of modelle wat onderliggende gedrag openbaar; klassifikasie van gedragspatrone; oorsaak- en gevolganalises; voorspelling van toekomstige gedrag.

Praktiese voorbeelde: komplekse industriële prosesse, finansiële markte, logistieke prosesse, kommunikasienetwerke, kliëntegedrag as deel van CRM, deteksie van bedrog

EII882 ELEKTRIESE DRYWINGSKWALITEIT

Kennis oor die ontstaan, bronne, simptome en gevolge van drywingkwaliteit probleme; kennis oor die invloed van 'n nie-sinusvormige toevoerspanning op elektriese apparaat; kennis oor die impak van vervormde spanning en stroomgolwe op moderne tariefstelsels; insig en toepassing van die Suid Afrikaanse en die vergelykende internasionale drywingkwaliteitstandaarde; insig en toepassing van ondersoekmetodes om met behulp van metings 'n aanleg/industrie se drywingkwaliteit te kwantifiseer; kennis en insig om moontlike oplossings te ondersoek gevallestudies met simulاسies en meetmetodes om die beginsels bestudeer, toe te pas.

EII883 GEVORDERDE BESKERMINGSTELSLS

Die kursus bied aan die leerder 'n insig en blootstelling aan die belangrikste tipes elektriese beskermingstelsels, hul ontwerp, toepassing, stel en gedrag. Daar word gefokus op basies fouberekening, instrumenttransformators, oorstrom- en aardfoutbeskerming, motor-, kabel-, transformator-, oorhoofse lyn-, geleistam- en generatorbeskerming. Onlangse ontwikkeling in SCADA en ICAP-stelsels word oor behandel. Leerders kry ook tydens praktika die

geleentheid om hul ontwerpe en stelwaardes on werklike masjiene te toets met 'n verskeidenheid relê.

EEII884 GEVORDERDE SEINVERWERKING

Hierdie kursus konsentreer op digitale seiverwerkingsmetodes. Seinverwerkingsmetodes val in twee kategoriee nl. transform georiënteerde en ander (bv.heuristies georiënteerde) metodes. Inleidend word die versyferingsproses

en akkuraatheid van numeriese algoritmes behandel. Begrippe soos vektorruimtes en die ortogonale dekomposisie van seine word behandel, met spesifieke klem op die frekwensie (Fourrier) en tyd-frekwensie (golfies) transforms.

Beeldverwerkingsmetodes beide vir herkenning en beeldverbetering word behandel. Fraktale, solitons en chaos word bespreek vanuit 'n topologiese raamwerk.

EEII885 INLIGTINGSTELSLS VIR E-HANDEL EN E-LOGISTIEK

Rol van e-handel en e-logistiek in die moderne ekonomie; ondersteuningsrol van inligtingstelsels in die bedryf van e-handel en e-logistiek; funksionele vereistes gestel aan inligtingstelsels: outomatiese dataversameling, transaksieverwerking, stoor van data, beskikbaarstelling van data, verwerking en besluitsteun; argitektuur van 'n tipiese inligtingstelsel vir e-handel en e-logistiek; internasionale tegnologiese standaarde vir inligtingstelsels; e-handel markte en vereistes vir suksesvolle e-samewerking ('collaboration'); Interafhanklikheid tussen e-handel markte en logistieke beplanningstelsels; ondersteuning van die effektiwiteit van logistieke operasies met inligtingstelsels; die rol van inligtingsekerheid in e-handel en e-logistiek; besluitsteun en Prestasiebestuur gebaseer op besighheidsintelligensiestelsels.

EEII886 INFORMASIESEKERHEID: STRATEGIEË EN TEGNIEKE

Hierdie kursus dek die teoretiese en praktiese aspekte van informasiesekerheid en spreek informasie sekerheid beginsels, informasie sekerheid risiko analise en bestuuraspekte van informasie sekerheid aan.

Na suksesvolle voltooiing van die kursus sal die leerder in staat wees om:

Die beginsels van informasie sekerheid kan identifiseer asook hoe dit toegepas kan word; Risiko te verstaan en hoe dit gemeet word; die regte tegnologieë kan selekteer om verskeie probleme aan te spreek; beleid en prosedures kan gebruik om informasie sekerheid toe te pas; verstaan wat die rol van enkripsie, brandmure en IDS stelsels in informasie sekerheid is; weet watter aanvalle tipies teen stelsels geloods kan word; weet waar om hulp te verkry na 'n suksesvolle aanval teen inligtingstelsels.

EEII887 KALMANFILTERS

Hierdie module bied aan die leerder 'n insig en blootstelling aan: waarskynlikheid en willekeurige veranderlikes; wiskundige beskrywing van willekeurige seine; lineêre stelsel respons op willekeurige seine; die Wiener folter; die diskrete Kalman filter; die kontinue Kalmanfilter, diskrete en voorspelling.

EELI888 KRAGSTELSESDINAMIKA

Die kursus stel die leerder bekend aan die dinamiese interaksie wat verskillende kragstelselemente op mekaar het tydens oorgangstoestand. Die dinamiese interaksie word deur beide elektriese en meganiese vergelykings beskryf. Spesifieke aandag word aan induksiemotors en sinkroommasjiene met hul beheerstelsels gegee. FACTS elemente wat die kragstelsel kan stabiliseer word ondersoek en hul interaksie met ander kragstelselemente bestudeer. Tydens praktika word leerderse die geleentheid gebied om die oorgangsstabiliteit van 'n generator met verskeie beheerstelsels te verbeter.

EELI889 DIE KOMPENSERING VAN VERVORMINGSDRYWING IN KRAGSTELSLS

Basiese definisies en eienskappe van drywingskwaliteit in kragstelsels. Meting van drywingskwaliteit verskynsels. Analise van drywingskwaliteit verskynsels. Drywingskwaliteit verbeteringsmetodes. Eienskappe van drywingskwaliteit- verbeteringsapparaat. Ontwerp van drywingskwaliteit-verbeteringsapparaat. Evalueering van drywingskwaliteit-verbeteringsapparaat. Spesifikasie van drywingskwaliteit-verbeteringsapparaat.

EERI877 DIGITALE BEHEERSTELSLS

Die behandeling van gevorderde beheerstelsels wat in tipiese industriële omgewings gebruik word. Aspekte wat gedek word sluit in tyddiskrete stelsels en die Z-transform, monsterneming en rekonstruksie, multiveranderlike stelsels, oop lus en geslote lus stabiliteit, ontwerp van beheerderstoepassings in multiveranderlike stelsels, toestandsveranderlike formulerings, die minimering van kostefunksies, optimale beheerders, realisering van digitale beheerstelsels, stelselsimulasie. Moderne beheer sagteware.

EERI883 CAPITA SELECTA

Die inhoud en uitkomste word deur die studieleier met die student ooreengekom om die verhandeling van die student te ondersteun. Dit is soms nodig waar die formele lys van vakke nie genoegsame onderbou bied nie. Die aanbieding is minder informeel as die gelyste vakke en sal derhalwe 'n groot mate van selfstudie verg. Enkele besprekingsessies tussen die studieleier en die student geskied op 'n ad hoc basis. 'n Eksamineerbare werkstuk word aangebied.

ERIE874 NEURALE NETWERKE

Neurale netwerke vind hul inspirasie in die struktuur van die menslike senustelsel. Kunsmatige neurale netwerke bied 'n unieke voordeel bó tradisionele rekenaar programmatuur naamlik die vermoë om te leer uit voorbeelde. Hierdie voordeel maak neurale netwerke geskik om verskeie moeilike probleme op te los. In hierdie kursuseenheid word daar gefokus op verskillende tipes neurale netwerke, die maniere waarop hulle opgelei kan word, asook die toepassing van neurale netwerke op verskeie tipes probleme.

Opleiding: data analise en visualisering, veralgemeningsvermoë, optimalisering algoritmes, foutfunksies.

Topologieë: geheue, groepering algoritmes en netwerke, lineêre netwerke, meerlaagvoortvoernetwerke, radiaal basisfunksie netwerke, neurale netwerke met terugvoer, multi-netwerk stelsels, vae logika ("fuzzy logic") en neurale netwerke.

Toepassingsvelde: patroonherkenning, neurale netwerke in beheerstelsels, neurale netwerke en regressie.

ERIE875 WASIGE LOGIESE STELSLS

Inleiding tot Wasige sisteme; Beskrywing en analise van wasige logika sisteme; Opleiding van wasige logika sisteme d.m.v. die tru-voortplantingsalgoritme, ortogonale kleinste kwadrate-metode en die naaste omgewing samevoeging-metode word behandel. Toepassings van Wasige Logiese Stelsels in stelsel-identifikasie vorm 'n belangrike komponent van die aanbieding.

ERIE876 PROSESMODELLERING EN PATROON-IDENTIFIKASIE

Die toepassing van verskillende benaderings tot proses-modellering en -identifikasie op industriële prosesse; byvoorbeeld die deterministiese bepaling van 'n model vanaf basiese fisika van die probleem, Bonddiagramtegnieke en modelkoëffisiëntpassing met neurale netwerke.

MEGI874 BEREKENINGSVLOEIMEGANIKA I

Parsiële differensiaalvergelykings: fisiese klassifikasie, wiskundige klassifikasie, stelsels van vergelykings.

Beginsels van eindige-verskil, eindige-element en eindige-volume metodes.

Vergelykings vir vloeimeganika en warmte-oordrag: fundamentele vergelykings, Reynolds-vergelyking vir turbulente vloei, grenslaagvergelings, turbulensiemodellering, Euler-vergelykings, transformasie van vergelykings.

Turbulensie-modellering: verskille tussen laminêre en turbulente vloei, oorgang van laminêre na turbulente vloei.

Berekeningsmetodes vir turbulensie: direkte numeriese simulasie (DNS), makro-werwel simulasie (LES), Reynolds geweege Navier-Stokes modelle, Reynolds-spannings metode.

Werwel-viskositeits modelle: Prandtl menglengte model, k-l en k- ϵ model, RNG k- ϵ model.

Diskretisering: eindige-volumemetodes vir drie-dimensionele gestadigde viskeuse vloei op ortogonale roosters.

Numeriese metodes vir die onsaamdrukke Navier-Stokes-vergelykings: eindige-volume snelheid-druk-benadering, SIMPLE- en SIMPLER-algoritmes.

Praktiese toepassings op kommersiële vloei kode.

MEGI875 BEREKENINGSVLOEIMEGANIKA II

Ongestadigde onsaamdrukke vloei: SIMPLE, SIMPLER en PISO algoritmes, outomatiese tydstepberekening, Courant getal, ongestadigde randwaardes, bewegende roosters.

Saamdrukke vloei: Druk-korreksie metodes vir saamdrukke en nie-saamdrukke vloei, druk-snelheid-digtheid koppeling, hantering van randwaardes.

Nie-ortogonale roosters: eindige-volumemetodes vir drie-dimensionele gestadigde viskeuse vloei op nie-ortogonale roosters.

Numeriese metodes vir die onsaamdrukke Navier-Stokes-vergelykings: eindige-volume snelheid-druk-benadering,

Hoër-orde diskretiseringstegnieke: Quick – eindige volume implementering, stabiliteits-oorwegings en behoud.

Multi-fasevloei: vry-oppervlaktes, disperse gasborrels en partikels in kontinue vloeier.

Praktiese toepassings op kommersiële vloeikode.

MEGI876 EINDIGE ELEMENTMETODES

Inleiding: Swakformulering, Galerkin-metode, eindige elementmetode, bereiking van een-dimensionele probleme.

Twee-dimensionele probleme: Swakformulering, eindeige elementformulering, diskretisasie, interpolasiefunksies, integrasie en elementbydraes, samevoeging, toepassing van randwaardes, oplossing, naverwerking, programmering.

Uitbreidings: Stelsels van differensiaalvergelykings, nie-lineêre probleme, beperkings, tydafhanklike probleme, drie-dimensionele probleme.

Numeriese metodes: Lineêre vergelyking oplossers, datstrukture.

MEGI877 EINDIGE ELEMENTMETODES VIR VLOEI

Inleiding: variasieformulering, metode van geweegde residuele, Galerkin-metode, eindige elementmetode, berekening van een-dimensionele probleme, berekening van tweedimensionele probleme.

Eindige-element-oplossing van nie-samedrukke Navier-Stokes vergelykings: klassieke snelheidsdrukbenadering, straffunksie-benadering, Petrov-Galerkin-benadering, oplostegnieke, programmeringstegnieke.

Gesegregeerde algoritmes: SIMPLE, SIMPLER en SIMPLEST algoritmes, oplostegnieke, programmeringstegnieke.

Verdere onderwerpe: turbulente vloei, nie-isotermiese vloei, onbestendige vloei, berekening van drie-dimensionele probleme, diskontinue rooster-verfyning.

MEGI878 ENERGIEBESTUUR

Inleiding tot energiebestuur, oorsig van energie-ouditproses, energie-rekening, ekonomiese analise en lewensikluskoste, ligte, verkoeling en lugversorging, verbrandingsprosesse en gebruik van industriële afval, stoomopwekking- en verspreiding, beheerstelsels, instandhouding, isolasie, prosesenergie-bestuur, alternatiewe energiebronne, waterbeheer.

MEGI879 GEVORDERDE INGENIEURSTERMODINAMIKA

Hersiening van die Eerste en Tweede Wet van Termodinamika.

Die vernietiging van beskikbare werk (eksergie) in prosesse en siklusse. Eksergie-analise van verbrandingsprosesse.

Toestandvergelings en die berekening van toestandsveranderlikes (entalpie, entropie) van sisteme wat uit een komponent bestaan.

Sisteme wat uit meer as een komponent bestaan. Berekening van die damp-vloeistofewewig en toestandveranderlikes.

MEGI884 GEVORDERDE STERKTELEER

Lineêre spanning en vervorming: Spanningstransformasies, Mohrsirkel vir spannings en vervormings, spanning-vervorming van isotropiese en ortotropiese materiale.

Onelastiese materiaalgedrag: Spanning-vervormingsgedrag (elasties en plasties), toepassing van las-defleksieverwantskappe, falingskriteria en veiligheidsfaktore.

Onsimmetriese buiging van reguit balke: Maksimum spannings, defleksies en oriëntasie van die neutrale as onder onsimmetriese belasting, volledige plastiese belasting onder onsimmetriese buig.

Spanningskonsentrasies: Neuber nomogram, teoretiese spanningskonsentrasiefaktore (Shigley), keepsensitiwiteit.

Vermoeidheid: Ontwerp volgens Goodman, Gerber en DE Elliptiese kriteria.

Kontakspannings: Analise van punt- en lynkontakspannings.

MEGI885 GEVORDERDE TERMOSTELS

Generiese beginsels van termostels simulatie: simulatie vs ontwerp, vlakke van kompleksiteit, behorende vergelykings, algemene wiskundige formulering.

Gestadigde toestand simulatie: vereenvoudigde wiskundige modelle - pypvloeï, reaktor, hitteruiler, turbo kompressor, gasturbine, kleppe, volumes, generator; geïntegreerde kringloop simulatie; komplekse wiskundige modelle - turbomasjiene, onsaamedrukbare pypvloeï, saamedrukbare pypvloeï, hitteruilers.

Transiënte simulatie: komplekse wiskundige modelle – pypvloeï, volumes, hitteruilers, turbomasjiene; vereenvoudigde PID beheerder model.

Toepassing van kommersiële programme.

MEGI887 GEVORDERDE TURBOMASJIENE

Aksiale Kompressors: Fundamentele begrippe van aksiale kompressors, algemene aksiaalvloeï kompressor ontwerpsbeginsels, aksiaalvloeï kompressor stadium ontwerp, snelheidsdriehoëke, termodinamiese kompressor ontwerpsbeginsels, verrigting by nie-ontwerpstoestande, "surge" en stol, kompressor lemkeuse, meganiese integriteit.

Aksiale turbines: Fundamentele begrippe van aksiaalvloeï turbines, termodinamika van gasturbine proses, snelheidsdriehoëke, aksiaalvloeï turbine lemontwerp.

Gekombineerde gasturbine siklus: Kombinerig van gasturbine en kompressor in gasturbine siklus, kompressor/turbine paring, simulatie van gasturbine siklus, praktiese blootstelling, transiente simulaties van gasturbine siklus.

MEGI889 MATERIAALSELEKSIE VIR ONTWERP

Ontwerpproses, ingenieursmateriale en eienskappe, materiaalkeuse-kaarte, materiaal-seleksie sonder vorm-oorwegings, seleksie van materiaal en vorm, vormparameters, bronne van materiaal-eienskap-data, materiale-estetika en industriële ontwerp.

Vervaardigingsprosesse en ontwerp, proseskenmerke, sistematiese prosesseleksie, limietsifting, rekenaargesteuende limietsifting, rekenaargesteuende kostewaardasie, CAD/CAM rekenaargesimuleerde vervaardigingstelsels, groeptegnologie, sellulêre vervaardiging, "Flexible Manufacturing" & "Just in Time".

MEGI894 SAAMGESTELDE MATERIALE

Kenmerke van saamgestelde materiale: polimeer-matriks, metaal-matriks- en keramiek-matriks saamgestelde materiale.

Elastiese eienskappe van vesel-versterkte saamgestelde materiale: mikromeganiese modelle, laminaatanalise, kort-vesel-komposiete.

Sterkte van saamgestelde materiale: treksterkte, oriëntasie-afhanklikheid van treksterkte, treksterkte van multi-laag-laminate, druksterkte, skuifsterkte van kort-vesel en deeltjie-veselsterkte saamgestelde materiale. Taaiheid en vermoeidheidsgedrag. Vervaardigingstegnieke.

MCJP
Hersien finaal
2 Aug 2003